IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 1.16 VOL 121 PG 6033-6091

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-08-05

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

121

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 121

(Bladsye 6 033 - 6 091 )

MNR. FICK : Die Staat roep die volgende getuie, Johann Christiaan du Plooy. Hy getuig oor sameswerings soos in die akte van beskuldiging beweer asook Alexandra.

JOHANN CHRISTIAAN DU PLOOY, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en u gestasioneer te John Vorster en u is verbonde aan die veiligheidstak? -- Dit is korrek.

Op 16 Junie 1984 gedurende die middag het u observasiedienste gehou naby die Metodiste Kerk, Tweedelaan, Alexandra Swartwoongebied? -- Korrek.

U het observasie gehou in verband met 'n vergadering wat gehou was in hierdie kerk? -- Dit is korrek.

Het u gesien toe die persone wat die vergadering kom bywoon het opdaag? -- Dit is korrek. Dit was ongeveer 200 na 250 persone.

Was hierdie mense of van hulle gekleed in spesifieke T-hempies? -- Ja, daar was van die persone wat die Alexandra Youth Congress AYCO se T-hempies aangehad het sowel as UDF T-hempies.

Hoe groot persentasie van die gehoor van 200 tot 250 het hierdie tipe T-hempies gedra? -- As ek moet skat ongeveer so tussen 30 en 40.

MNR. BIZOS : Is dit persent of mense? -- Mense.

MNR. FICK : U het nie die saal self ooit binnegegaan nie? -- Nee, ek het nie.

Kon u hoor of daar enigiets geskreeu word of gesing word in die saal? -- Daar was slagspreuke geskreeu, soos byvoorbeeld Amandla Ngawethu, Afrika Izwe Alethu of Ilizwe Alethu en Viva ANC en Oliver Thambo is ook geskreeu.

Was daar enige liedere gesing in die saal wat u kon hoor? -- Daar was liedere gesing. Spesifieke liede soos

... / Senzani

Senzani na, wat beteken "Wat het ons gedoen" en Oliver Thambo.

Is dit die lied se naam? -- Hulle sing Oliver Thambo, Oliver Thambo.

Kon u sien of daar enige mense voor in die vergadering was? -- Ja, voor in die saal kon ek oplet dat byvoorbeeld Paul Mashatile wat die president van AYCO was, Ernest Ndlovu.

HOF : Wie is hy? -- Hy was 'n lid van AYCO gewees.

MNR. FICK : Wat sê u van hulle? -- Hulle was voor in die saal en Patrick Banda. Hy was ook 'n lid van AYCO, Alexandra Youth Congress.

Het u gehoor of mense daar 'n vergadering toespreek of kon u nie hoor nie? -- Ek kon nie hoor wat daar gesê was nie.

Het u daar observasie gehou tot die vergadering tot 'n einde gekom het? -- Dit is korrek. Dit was in die middag. Ek kan ongelukkig nie die tyd, die presiese tyd onthou nie, maar die mense het al singende uit die vergadering uitgekom. Hulle het na die noordekant beweeg van Alexandra. Daar was 'n patrollie waarvan die reaksie-eenheid in die omgewing.

Het die mense iets by hulle gehad waarmee hulle uit die saal uit beweeg het? -- Ja, hulle het 'n swart, groen en geel banier gedra.

As u sê swart, groen en geel, kan u hom beter vir ons beskryf? Het die ding swart, geel en groen bane gehad? -- Ja, dit was horisontaal.

Die swart, groen en geel wat u beskryf, is dit die bane van bo af beskryf of van onder af? -- Van bo af.

Die persone wat hierdie banier wat u beskryf het gedra het, waar was hulle met betrekking tot die klomp wat uit die saal uitgekom het? Was hulle tussen hulle, agter hulle, voor hulle? -- Hulle het almal saam beweeg. Die hele lot het saam beweeg al hardlopende en singende.

... / Wat

Wat het toe gebeur? -- Die reaksie-eenheid het opgetree. Hulle wou optree. Daar was geen optrede gewees nie. Hulle wou optree. Hulle het na die mense toe beweeg met die voertuie. Hulle het die banier neergegooi en weggehardloop.

Is die banier daar verwyder, is hy daar in die straat gelos of wat is die posisie? -- Ja, hy is verwyder.

Wie het hom verwyder? Weet u? -- Die polisie het hom verwyder.

Weet u wat van daardie banier geword het? -- Hy is ongelukkig weg. Ek weet nie waar is hy nie.

HOF : Beteken die kleure vir u iets? -- Ja, dit is vir my logies dat dit 'n ANC banier gewees het.

Hoekom sê u so? -- Aangesien AYCO 'n progressiewe organisasie is wat die "charterist" idiologieë aanhang.

MNR. FICK : Dit is nou die Freedom Charter soos dit algemeen bekend staan? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Wat verstaan u onder progressiewe organisasie? -- 'n Progressiewe organisasie is 'n organisasie wat 'n een man een stem te weeg wil bring.

MNR. FICK : Die rede wat u nou aangegee het, is dit die rede waarom u sê dat dit 'n ANC banier was? -- Ja.

Omdat u die banier gekry het by 'n "charterist" organisasie? -- Wel, omdat dit vir my soos die ANC vlag lyk, want die ANC vlag is horisontaal en daar is geen ander vlag wat ek dink wat dieselfde is nie.

Dan wil ek met u na 'n ander aspek toe gaan. Gedurende die jaar 1984 het u in Alexandra patrollie gery en u het op 'n persoon afgekom wat besig was om iets te verkoop in die strate. Is dit korrek? -- Ja, dit was "Voice of AYCO." Ek kan ongelukkig nie onthou wanneer dit was nie. Dit was gedurende 1984. Dit is so 'n groen boekie. Ek het die boekie

... / gekoop

gekoop vir 20c.

Van die persoon? -- Dit is korrek.

U Edele, ek wil aan u ophandig - die polisie het 'n aantal dokumente ingebind reeds, onder hulle is hierdie bewysstuk. Ek sal in die loop van hierdie getuie se getuienis na die verskillende dokumente verwys. Die polisie het die verskillende dokumente gemerk 1, 2, 3 tot by 9. Ons kan die hele bundel een nommer gee ABA(57).

HOF : Nee, nee, wag 'n bietjie. Ons het al 'n ABA en dan 'n nommer. U moet dit nou 'n nuwe bundelnommer gee, want u het afsonderlike nommers in daardie bundel, anders gaan u deurmekaar raak.

MNR. FICK : Dan is dit ABB(1).

HOF : ABB word die bundel en die dokument waarna ons gaan verwys het watter nommer in die bundel?

MNR. FICK : Hy is ABB(1). Is dit die dokument? -- Dit is korrek.

Ek wil dit net op rekord plaas. Dit is "Voice of AYCO, volume 2, number 1 1984. Newsletter for the Youth Unity" en dan die eerste opskrif is "Students demand democracy." Dan 'n verdere aspek wat ek met u wil behandel. U het in die loop van 1984 tydens u diens in Alexandra verskeie kere na 17de Laan nr. 2 toe gegaan. Is dit korrek? — Korrek.

Hierdie adres, aan wie behoort dit? — Dit was die sogenaamde AYCO hoofkantoor. Dit was net 'n kamer gewees, maar buite was daar sinkheining om en daar het hulle op geverf AYCO Headquarters. Ek dink dit staan vandag nog daar.

HOF : Head office of Headquarters? — Headquarters.

MNR. FICK : In hierdie kamer wat beskryf was as die Headquarters, het u enigiets opgemerk daar in verband met plakkate en pamflette en dokumente? — Daar was verskillende plakkate

... / van

van UDF en ander organisasies op die mure geplak. Plakkertjies van COSAS ensovoorts.

Kan u enige ander organisasies se pamflette of plakkate onthou wat u daar gesien het? -- Ek is nie seker watter daar nog gewees het nie. Ek kan spesifiek onthou dat daar wel UDF was.

Dan wil ek verder vir u vra, kan u vir die Hof sê wat die plakkate of pamflette of plakkertjies oor gehandel het wat u daar opgemerk het of kan u dit nie onthou nie? -- Nee, ek kan ongelukkig dit nie onthou nie.

U het gedurende Desember 1984 by hierdie selfde adres die plek gaan deursoek? -- Dit is korrek.

Was daar iemand teenwoordig tydens hierdie deursoeking? -- Ja, Jacob Mtshali.

Wat was hy? Weet u? -- Hy was die algemene sekretaris van die Alexandra Youth Congress. Hy was op daardie stadium die sekretaris.

U het beslag gelê op 'n aantal dokumente in die proses? -- Dit is korrek.

Onder andere het u beslag gelê op 'n blou lêeromslag met 'n aantal dokumente in? -- Dit is korrek.

Ek toon aan u 'n blou lêeromslag. -- Dit is die omslag.

Ek verwys u na die volgende fotostaat in ABB, dit is ABB(2), dit is die buiteblad van die omslag. Hy is getiteld "AYCO First Annual Congress 29 November - 2 December 1984." Binne-in hierdie blou lêeromslag was daar onder andere 'n skryf- of eksamenblok wat voorop geskryf is met die hand "confidential". -- Dit is korrek. Ek dink Jacob Mtshali se handtekening kom ook voor op die regter onderkant.

HOF : Staan Jacob Mtshali ook bekend as Japie Mtshali? -- Nee, dit is die neef van Jacob Mtshali. Sy naam is ook Jacob

... / Jabo

Kabo Mtshali.

So, hierdie Jacob Mtshali is nie Japie Mtshali wat ons al van gehoor het nie? — Nee.

Die oorspronklike is gemerk. Hy het vlaggies 1 tot 16. Die rede daarvoor is dat die dokument ABB(3), dit is die "Confidential" eksamenblok, in hom is 'n klomp bladsye geskryf waarin die Staat nie belangstel nie en wat ons nie gefotostateer het nie. Ons wil dit nie uitskeur uit die oorspronklike uit nie. Daarom het ons net dit wat noodsaaklik is, vir die Hof met vlaggies gemerk. Ook in hierdie omslag het u gevind 'n dokument. Ek toon aan u 'n dokument. Dit is 'n brief deur Mike Roesos for UDF Education Committee gedateer 7 November 1984 aan "Dear Comrade". — Dit is korrek.

ABB(4). Ook in hierdie blou omslag het u 'n dokument gevind. Ek toon aan u 'n dokument. — Dit is die konstitusie van AYCO tesame met agter die beleid "Policy of AYCO."

ABB(5). In dieselfde lêer was ook 'n uitnodigingsdokument getiteld "Invitation Jodak" onder UDF se stempel. Na 'n vergadering van 10 November 1984, waar onder andere Frank Chikane, David Webster en Joanne Jawich sou lesings gelewer het. Is dit korrek? — Dit is korrek.

ABB(6). Ek toon aan u verder 'n koevert geadresseer aan A. Khime, 17th Avenue, Alexandra Township. Binne-in die koevert is drie bladsye getiteld The United Front, why did we form it and how appropriate is it today. Het u dit ook daar gevind? — Dit is korrek.

Ek sal dit alles merk ABB(7) en dit terugsit in die koevert. Hierdie A. Khime is dit die regte spelling? Ken u so 'n persoon? — Ek dink nie die spelling is reg daar nie. Ek dink dit moet Aubrey Kthime wees.

Ken u nie so 'n persoon soos daardie nie? — Nee, ek ken

... / nie

nie so 'n persoon nie.

HOF : Ken u Aubrey Kthime? -- Ek ken vir Aubrey Kthime. Ek ken sy naam. Ek ken hom nie persoonlik nie, maar ek weet dat hy ook 'n lid van AYCO is.

MNR. FICK : Ek toon aan u verder 'n snelskrifnotaboek. Het u dit ook gevind in die blou lêer? -- Dit is korrek.

ABB(8). Hier is weer eens 'n klomp geskryf in die notaboek. Die Staat stel net belang in die deeltjies waar geplak is van 1 tot 4. Hierdie betrokke deel is 'n handgeskrewe deel getiteld "Women Struggle". Dan het u ook gevind in hierdie blou lêer hierdie eksamenskryfblok? -- Dit is korrek.

ABB(9). Hier het die Staat weer eens net die bladsye waarin die Staat belangstel gevlag. U het tydens dieselfde geleentheid ook beslag gelê op 'n bruin omslag. Ek toon dit aan u? -- Dit is korrek.

Hierdie is apart ingebind.

HOF : Gaan u hierin verwys na afsonderlike dokumente?

MNR. FICK : Dit is so.

HOF : Wat sal dit wees?

MNR. FICK : ABC. Ek toon aan u eerstens ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Die buiteblad is ABC(1).

MNR. FICK : Ek toon aan u 'n bladsy handgeskrewe getiteld "Commission Two Structures." Het u dit gevind in die bruin omslag? -- Dit is korrek.

ABC(2). U het ook gevind as ABC(3) 'n handgeskrewe stuk wat begin met "The First Annual Congress of AYCO held at Wilgerspruit on 25 November to 2 December ." -- Dit is korrek.

Dan ABC(4) is 'n handgeskrewe dokument wat getiteld is "a Paper on Bantu Education." -- Dit is korrek.

Hy bestaan uit twee bladsye. (4)(a) en (4)(b). Die

... / volgende

volgende wat ek aan u toon is 'n geskrewe stuk getiteld "Comment", dit handel oor die Black Local Authorities. Dit is ook twee bladsye. -- Dit is korrek.

ABC(5). U het dit ook in die bruin lêer gevind? -- Dit is korrek.

HOF : Ons merk dit (5)(a) en (b).

MNR. FICK : Dan het u ook 'n handgeskrewe stuk gevind, bo aan getiteld "Elections new executive" en dan sê hulle daar die "president Paul Mashatile, vice-president, secretary general." Het u hierdie dokument ook gevind in die bruin lêer? -- Dit is korrek.

Op die agterkant is daar 'n klomp koerante se name geskryf.

HOF : City Press is die boonste een. Dan word dit (6)(a) en (6)(b).

MNR. FICK : Dan het u ook gevind in dieselfde omslag 'n dokument. Die oorspronklike bestaan uit vier bladsye . Dit is 'n pamfletjie getiteld "AYCO's first annual congress, Wilgerspruit".

HOF : Dit word (7). Die eerste twee is saam op een bladsy en daarop word (7)(a) gesit en die tweede gedeelte is dan op bladsy (7)(b).

MNR. FICK : U het dan ook gevind 'n dokument wat getiteld is, 'n getikte dokument, " Declaration of the Education Charter Campaign." -- Dit is korrek.

HOF : Dit word (8).

MNR. FICK : Gedurende 1984 tydens u patrollies deur Alexandra - dit is 'n nuwe aspek - het u op enige slagspreuke afgekom wat daar op geboue of mure of strukture geverf of aangebring was? -- Daar was verskeie slagspreuke soos byvoorbeeld "Viva ANC, Viva UDF, Nelson Mandela." Veral by 15de Laan is daar 'n bushalte met 'n sokkerstadion wat met sink omhein was. Daar was veral op daardie sinkomheining en dan op mure by die bushalte van die

... / slagspreuke

slagspreuke geskryf sowel as op verskeie plekke in die Alexandra Swartwoongebied.

Ek gaan dan met u na 'n volgende aspek toe. Ons gaan na Februarie 1985 toe. U het as gevolg van inligting wat u ontvang het observasie gaan hou by 'n sekere punt in Alexandra. Is dit korrek? -- Ja, dit was op die hoek van Selborne en 8ste Laan, Alexandra. Dit was om ongeveer 16h00 op 8 Februarie 1985. Ek het inligting ontvang dat 'n opgeleide terroris ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

'n Afspraak daar het. Laat ons dit net eers daar laat. -- Seker.

Kan u net sê, het u oor die naam van die persoon, die terroris, beskik? -- Vincent Shabalala.

Die inligting wat u oor beskik het, het u ook oor inligting beskik met wie hy die afspraak het? -- Ja, my inligting was dat hy 'n afspraak met Paul Mashatile sou gehad het, die president van AYCO.

Dit was die rede vir die observasie daar. -- Dit is korrek.

Wat het gebeur terwyl u daar observasie gehou het? -- Ek het die persoon opgemerk Vincent Shabalala. Ek het nie gesien dat daar wel 'n ontmoeting plaasgevind het nie. Hy het my opgemerk. Hy het toe in 'n suidelike rigting in 'n oop veld weggehardloop. Ek het verskeie skote op hom gevuur. Hy het toe ontsnap of sal sê weggekom.

En toe, wat gebeur toe toe hy wegkom? -- Ek het toe in die Swartwoongebied rondgery en omtrent ongeveer vier strate in 12de Laan op die hoek van 12de Laan en Selbornelaan het ek Paul Mashatile teëgekom. Hy het vir my verskrik voorgekom, maar ek het nie eintlik enige vrae aan hom gestel of so nie. Ek het verder vir Vincent Shabalala gaan soek, maar ek kon hom nie opspoor op daardie stadium nie.

... / En

En die volgende dag, wat het toe gebeur? -- Op 9 Februarie het ek weer inligting ontvang waar Vincent Shabalala hom bevind. Dit was in 50 15de Laan.

Alexandra? -- Alexandra Swartwoongebied. Verskeie lede van die reaksie-eenheid, myself en ander lede van die veiligheidstak het na die kamer gegaan te 50 15de Laan, Alexandra. Daar was verskeie skote van die opgeleide terroris en van ons kant af gebruik. Hy het ook twee handgranate na ons toe geslinger, waarvan een ontplof het. Een het nie ontplof nie.

Net duidelikheidshalwe, waar was hy? Was hy binne-in die huis of waar was hy? -- Hy was in die kamer.

By die adres wat u gegee het 50 15de Laan? -- By die adres. Dit is korrek. Dit was Russiese handgranate. Hoekom ek so sê is, daar is een van die handgranate wat nie ontplof het nie en dit het ons na dit ondersoek.

Wat het toe gebeur? -- Die kamer het aan die brand geslaan. Daar was verskriklik baie rook gewees. Die terroris het op een of ander wyse uit die kamer ontsnap. Ek en drie ander lede het na verskeie adresse gegaan waarvan ek kennis gehad het waar hy die vorige aand hom bevind het. Nadat ons by die laaste adres was, het ons in Londonlaan afbeweeg.

Nog steeds in Alexandra? -- Dit is aan die kant van Alexandra. Ons het 'n slag gehoor wat vir my geklink het na 'n handgranaatontploffing. Ek het op die lyk afgekom van die terroris Vincent Shabalala, waar hy aan die suidekant van Londonlaan gelê het. Dit is ongeveer by 12de Laan in Alexandra, 12de en London. Die AK47 het ons daar opgemerk by die lyk wat in stukkies - hy is in stukkies geskiet, twee stukke, sowel as AK47 magasyne, ek dink daar was vier van hulle met verskeie patrone. Ek dink daar was twee vol magasyne en nog ander p trone wat los gelê het.

... / Het

Het u vasgestel hoe is hy oorlede? -- Dit is maar my opinie. Hy moes vinnig gehardloop het en daar was 'n sloot ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Nee, wag, ek wil nie so 'n afleiding hê nie. Die oorsaak van sy dood? -- O, die oorsaak van sy dood..

Was dit 'n koeëlwond, was hy gestamp deur 'n kar? -- Nee, ek is jammer. Dit is die handgranaat wat blykbaar ontplof het wat hy by hom gehad het wat sy dood veroorsaak het.

Was sy liggaam erg geskend? -- Ja, hy was erg geskend.

MR BIZOS : I see in the particulars that the State told us that they were going to show what happened in Alexandra in 1984. There is a possibility of course that we may not have noted any amendment, but I do not think so. This is 1985. February 1985, but be that as it may, we would with respect ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

MNR. FICK : Ek kan dit net opklaar. Daarom het ek aan die begin gesê hierdie getuie gaan oor Alexandra getuig, maar oor die sameswering ook. Die Staat sal later op hierdie getuienis met betrekking tot Vincent Shabalala wat in Februarie 1985 gebeur het, betoog oor sy betrokkenheid van die ANC by die sekere organisasies.

MR BIZOS : We will reserve our rights in relation to the admissibility of this evidence and deal with it in due course.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Du Plooy, was u by die Metodiste Kerk by die Herdenkingsdiens van 16 Junie 1983? -- 1984.

Ek praat van 1983. Was u daar?

HOF : Dit is nou die jaar vantevore.

MNR. BIZOS : Die jaar vantevore. Was u daar? -- Ek was moontlik daar. Ek kan nie onthou dat ek daar was nie.

Was u by 'n soortgelyke diens by dieselfde plek in 1985?

... / Ek

-- Ek glo nie.

Hoe kan u seker wees of u daar was in 1985 of nie? -- Ek glo nie ek was daar nie.

Ek wil u vra of u enige verklaring gemaak het, enige skriftelike verklaring gemaak het na u enige van die herdenkingsdienste wat u bygewoon het of nie? -- Ek het 'n verslag gelewer aan my bevelvoerder in verband met die herdenkingsdiens waaroor ek getuig het.

Skriftelik? -- 'n Skriftelike verslag.

Waar is dit? -- Seker in die lêer.

Wanneer het u dit vir die laaste keer gesien? -- Uit die aard van my werk kyk ek baie na die lêer. Ek skryf ook memorandums oor baie organisasies. So, ek moes dit seker nou kort gesien het.

Wanneer was dit? -- Dit kon laas week gewees het.

Spesiaal om getuienis in die hof te gee of was dit deel van u gewone werk? -- Dit is deel van my pligte.

Maar nie vir die doeleindes om getuienis in hierdie saak te gee nie? -- Nee, dit is deel van my pligte.

Het u nie dan opgemerk of u daar was in 1983 of in 1985 in dieselfde lêer nie? -- Nee, ek het nie so 'n verslag geskryf nie.

Nie in 1983 nie en ook nie in 1985 nie? -- Dit is korrek.

Hoe ver was u van die kerk af toe u daar was in 1984? -- Op 'n stadium was ek so ver as wat ek nou van u af staan.

Buite die kerk? -- Buite die deur.

Op watter stadium was dit? -- Ek het verskeie kere daar verbygery. Ek het ook stilgehou. Van die mense het my ook opgemerk. Hulle ken my en ek ken hulle.

Maar was u observasiepos? Ons praat nie van tyd tot tyd wat u daar verbygery het nie. Waarvandaan het u observasie

... / gehou

gehou? -- Ek het op 'n stadium ongeveer 50 treë van die plek af gestaan terwyl die vergadering aan die gang was, maar voor die vergadering en by die einde van die vergadering het ek beweeg tot reg langs die saal.

Wat het van die vlag geword? -- Die vlag was ingehandig by ons biblioteek. Op een of ander wyse het hy weggeraak. Ek weet ongelukkig nie hoe het hy weggeraak het nie. Luitenant Van Schalkwyk, ek dink sy van is Van Schalkwyk, het die vlag aan my oorhandig daardie dag, hy was van die reaksie-eenheid. Ek is nie seker of dit sy van is nie.

U het die mense wat daar verantwoordelik was vir die diens geken? -- Dit is korrek.

En het u van die mense wat die vlag in die openbaar op die paaie van Alexandra gedra het ook goed geken? -- Op daardie stadium toe die reaksie-eenheid opgetree het, was hulle te ver van my af. Ek kan nie sê nie, maar daar moes seker van hulle gewees het wat ek geken het.

Het u hulle nie gesien buite die kerkgebou uitkom nie? -- Op daardie stadium was hulle ver van my af.

Hoe ver? -- Ek sou sê ongeveer 200 treë.

Het u 'n verkyker gehad? -- Nee.

Het u enige ondersoek ingestel in verband met die vlag? -- Nee.

As ons u getuienis nou aanvaar, sal u saamstem dat daar 'n oortreding plaasgevind het om die ANC vlag op die paaie van Alexandra rond te dra? Dit is 'n oortreding? -- Ek was nie op daardie stadium op die ondersoekpersoneel nie. Dit was hulle plig om 'n saak te ondersoek as dit 'n oortreding is.

Laat ons dit net goed verstaan. Of u in die ondersoekpersoneel was of nie, u was in die veiligheidspolisie? -- Ek was in die veiligheidstak. Ek het ander pligte gehad wat ek

... / gedoen

gedoen het.

Ja, maar wat is u plig om te doen as daar 'n oortreding in u teenwoordigheid plaasvind? -- Ek het my plig gedoen wat ek daardie dag moes gedoen het.

As u 'n oortreding sien wat plaasvind, wat is u plig om te doen as 'n lid van die polisie? -- As daar 'n soek ondersoek word, maak 'n verklaring in verband met dit.

Dit sou baie maklik gewees het seer sekerlik om vas te stel wie die organiseerders van die diens was? -- Ek het geweet wie die organiseerders was.

Het u geweet dat die priester van die kerk daar was by die diens? Was daar 'n priester of was daar nie? -- Ja, mnr. Maluleke.

En as 'n polisiebeampte kon u seer sekerlik vir hom gaan vra het wie het die ANC vlag daar gehad? Wie het dit daar gebring en wie het dit uitgeneem? Het u of enige van u kollegas dit gedoen of nie? -- Ek het dit nie gedoen nie.

Dra u kennis of enigeen van u kollegas dit gedoen het of nie? -- Nee, ek dra nie kennis nie.

Kan u aan die Hof enige verduideliking gee waarom, as dit wel gebeur het en as dit wel volgens u getuienis 'n oortreding was, daar geen stappe geneem was nie? -- Nee, ek kan nie 'n verduideliking daarvoor gee nie.

Miskien kan ek aan u 'n verduideliking gee omdat gedurende 1984 nie so 'n vlag daar was nie? -- Ek het alreeds gesê daar was so 'n vlag. Daar was so 'n vlag.

Ek wil aan u stel dat daar miskien so 'n vlag in 1983 was? -- Daar was in 1984 so 'n vlag.

Kan u sê of daar so 'n vlag in 1983 was of nie? -- Nee.

Beskou u uself as 'n deskundige of het u enige spesiale kennis van die betekenis van die drie kleure, swart, groen en

... / goud

goud? Beskou u uself as 'n deskundige op daardie gebied? -- Ek beskou my nie as 'n deskundige nie, maar ek het opleiding gehad by deskundiges wat vir my gesê het dit is 'n ANC vlag.

Wanneer is die kleure vir die vlag deur die ANC aanvaar? -- Ek dink in 1912 met die stigting van die ANC.

Is dit wat die deskundiges aan u gesê het? -- Ek kan dit ongelukkig nie vir u sê nie.

Het die deskundiges vir u gesê of daardie kleure deur Swartmense as hulle kleure beskou was voor die ANC die kleure begin gebruik het? -- Kan u net die vraag herhaal, asseblief?

Het die deskundiges wat vir u gesê het oor die kleure, vir u gesê of daar enige ander organisasies van Swartmense voor die ANC die kleure begin gebruik het was wat dit as hulle eie kleure sou gebruik het? -- Nee.

K382 Dra u kennis van die feit dat daar 'n aantal organisasies insluitende Inkata, maar ander ook, is wat die kleure gebruik vanaf 1960 en voor dit? Weet u daarvan? Vanaf 1960, voor en daarna? -- In die eerste plek, Inkata sou nie so 'n vergadering bygewoon het nie.

Nee, dit was nie die vraag nie. -- Maar ek gee vir u verduideliking oor die vlag.

Wat was die vraag? -- Oor die vlag. Watter organisasies het dit gebruik.

Die vraag was weet u of enige organisasies die kleure gebruik het of nie, behalwe die ANC en Inkata? -- Ek weet Inkata gebruik die kleure, maar ek dink hulle vlag is vertikaal, waar die ANC s'n horisontaal is.

Is dit so? -- Volgens my kennis.

Waar kry u u kennis? -- Dit is maar kennis wat ek het.

Waar het u die kennis gekry? -- Van my ondervinding.

Waar het u vertikale Inkata vlae gesien? -- Wel, ek het

... / byvoorbeeld

byvoorbeeld al gesien as Gatsha Buthelezi sy das dra, dan is die kleure vertikaal.

Nee, ons praat nie van 'n das nie. Ons praat van 'n vlag. Waar het u die Inkata vlag gesien wat u vergelyk het met die of met enige ander vlag? — Ek het nie so 'n vlag gesien nie.

U is nie in staat om dit te vergelyk nie? — Ek het dit maar net vergelyk volgens die kennis wat ek het.

Waar het u daardie kennis gekry as u nie die vlag gesien het nie? — Uit ondervinding uit.

Wat se soort ondervinding is dit as u nie die twee vlae gesien het om dit te vergelyk nie? — Dit is met offisiere wat ek gepraat het wat dit so aan my verduidelik het.

Die deskundiges of wat u as deskundiges beskou? — Ek sal sê van my offisiere waaronder ek werk.

Onderskei u tussen die offisiere wat u nou van melding maak en die deskundiges waarvan u vroeër gepraat het? — Die ANC vlag, soos dit vir my beskryf is, is dit beskryf en ek kan net vir u sê op daardie stadium was AYCO 'n "charterist" organisasie. Hulle het die dag die vergadering daar gehou en hulle ondersteun die Freedom Charter, wat die ANC ook ondersteun. Dit is my opinie hoekom dit 'n ANC vlag was daardie dag.

Die vraag was of u onderskei tussen die deskundiges en die offisiere waarvan u melding gemaak het? — Ek kan nie 'n onderskeiding tref nie. Daar is offisiere wat meer ondervinding het as ander offisiere.

Was u miskien by die groot Inkata vergadering te Soweto toe daar 'n aantal duisend mense was wat deur Gatsha of Mangosuthu Buthelezi gespreek is? — Nee.

Het u foto's daarvan gesien? -- Miskien net van hom op die voorblad van die koerant.

Of die vlae wat hoog op die stadion gewapper het? — Nee.

... / En

En is u in staat om te erken of te ontken of die vlae wat daar bo-op die stadion was dieselfde was as die wat deur die ANC gebruik was? -- Ek was nie daar nie. So, ek kan nie sê nie.

Weet u of enige vrouens organisasies dieselfde kleure of vlae gebruik het? -- Nee.

Weet u van enige persoon wat voor 16 Junie 1984 aangekla was van enige misdaad in verband met 'n soortgelyke vlag? -- Nee, nie wat ek van weet nie.

Volgens u ondervinding was die kleure gebruik deur organisasies dwarsdeur die land sonder dat enige vervolging ingestel was? -- Nee.

In die verslag wat u gemaak het, het u 'n nota gemaak van die aantal persone wat daar was? -- Dit is korrek.

Wat van 1983? Het u dit ook gedoen? -- Ek het nie in 1983 'n verslag geskryf oor so 'n vergaderin nie.

En in 1985? -- Ook nie.

Was u daar gedurende 1986? -- Nee. (Getuie huiwer)

Dit blyk of u nie heeltemal seker was of u daar in 1986 was of nie? -- Ek was nie daar nie.

U sal saamstem dat u nie die antwoord onmiddellik gegee het nie. Is dit so? -- Ek het gesê ek was nie daar nie.

Ja, maar die vraag is, u was nie heeltemal seker nie, want u het nie onmiddellik die antwoord gegee nie. U moes daaroor dink. Dit is so, is dit nie? -- Ek was nie daar nie. Ek het die vraag geantwoord. U dink miskien so, maar ek het die vraag geantwoord.

U het mense daar gehoor slagspreuke gebruik "Viva ANC". Het u enige ondersoek ingestel in verband met daardie oortreding -- Nee.

Dra u kennis of enige van u kollegas enige ondersoek

ingestel het? -- Nee.

Het u opgemerk of daar voor die diens begin het of gedurende die diens of kort voor die diens klaar was enige motors in die omgewing was van mense wat miskien in die diens was? -- Daar was voertuie daar, maar nie baie nie. Ek dink daar was drie of vier voertuie.

Het u die nommers geneem? -- Een spesifieke voertuig, nou dat u praat van voertuie, het voor die vergadering daar aangekom met 'n Blankevrou, met die naam van Cindy Berman. Ek onthou dit nou net. Dit is net iets wat ek onthou. Ek dink sy het SASPO National uitgedeel by die vergadering.

Is dit die enigste voertuig wat u kan onthou? -- Dit is een van die voertuie. Ek kan nie die ander voertuie daar onthou nie. Ek dink daar was 'n wit Volkswagen Kombi ook gewees. Daar was voertuie aan die agterkant van die kerk, aan die linkerkant van die kerk agter bome getrek. Ek kan op hierdie stadium nie onthou watter voertuie dit was nie.

Kan u onthou van enige voertuie wat daar gedurende die 1983 diens was? -- Ek was nie daar nie.

In 1983? -- Ja.

In 1985? -- Ek was ook nie daar nie.

U is nou heeltemal seker dat u nie daar was nie gedurende 1983 of 1985? -- Dit is korrek.

HOF : Wat is SASPO National? Is dit 'n tydskrif? -- Dit is 'n tydskrif.

Wie gee dit uit? -- Dit word uitgegee - ek is nie seker nie, maar ek dink deur NUSAS. Dit word gedruk waar - te Freeway House in De Kortestraat. Ek het ongelukkig nie baie kennis oor hierdie nie. Dit is soos 'n koerant.

MNR. BIZOS : U sê dat volgens u mening is 'n progressiewe organisasie een wat vir een man een stem staan? -- Dit is

... / korrek

korrek.

Is dit hoe u dit altyd verstaan het? -- Dit is korrek.

Met geen ander kwalifikasie? -- Ek dink as u kyk na die konstitusie van AYCO wat ek ingehandig het, kan u presies sien wat daardie organisasie behels.

Ja, maar dit is net een organisasie. Ons praat van u mening oor die algemeen? -- Ek het gedink ons praat oor daardie organisasie, Alexandra Youth Congress.

U is gevra wat beteken of wat verstaan u onder die woorde progressiewe organisasie? -- Ja, wel, dit is.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

JOHANN CHRISTIAAN DU PLOOY, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Hoe ver van die kerk was u toe die mense van binne af na buite gestap het? -- Binne hoorafstand.

Hoorafstand? Wat is dit? -- Ek het gehoor wat daar aangaan.

Toe die vergadering nou verby is? -- Verby is?

Ja en die mense na buite gekom het, hoe ver was u van die buitedeur van die kerk toe dit gebeur het? -- Ongeveer 200 treë. 2 na 300 treë.

HOF : Ek plaas net op rekord beskuldigde nr. 3 is terug.

MNR. BIZOS : Kon u enige van die persone uitken wat buite die kerk besig was om uit te kom? -- Nee.

En toe hulle begin wegbeweeg het, het enige deel van die mense wat binne-in die kerk was na u rigting gestap of nie? -- Nee.

Het hulle in die teenoorgestelde rigting begin beweeg of na die regterkant of linkerkant? -- My aandag was op daardie stadium op die reaksie-eenheid wat ek gereken het sou optree maar daar was geen optrede nie.

... / Hoe

Hoe ver was die reaksie-eenheid van u af? — Hulle was ongeveer ook 2 na 300 treë toe.

Was hulle naby die kerk of verder van die kerk af as wat u was? — Hulle was seker 'n entjie verder van die kerk af.

In dieselfde rigting? — Hulle was na die noordelike rigting toe. Ek was na die suidelike rigting.

Die dokumente wat u ingehandig het, is die persoon 'n kwitansie gegee van die dokumente wat daar gevind is? — Dit is korrek.

Is daar 'n inventaris opgestel? -- Daar is nie 'n inventaris opgestel nie. Daar is 'n kwitansie vir die dokumente gegee.

Aan wie is die kwitansie gegee? — Aan Jacob Mtshali self. Hy het daarvoor geteken.

Is die kwitansie of inventaris, noem dit wat u wil, beskikbaar? — Ja, ek dink dit is beskikbaar.

Kan u vir ons sê hoeveel keer die hoofkwartier van AYCO gevisenteer is deur die veiligheidspolisie? — Daar is verskeie vertakkinge in die veiligheidstak. Dit is nie die enigste plig wat ek het nie. Ek dink ek was op 'n stadium twee keer daar wat ek dit gevisenteer het.

Weet u of ander takke dit gevisenteer het? — Nie takke nie.

'n Gedeelte? -- Ja, seksies. Daar moes gewees het.

My Lord, the particulars were not amended as far as we have been able to ascertain. We are going to submit to Your Lordship that insofar as this is the evidence related to 1985 that it is not admissible. I do not know if Your Lordship wants to hear argument now or whether we reserve our right in relation to it.

<u>COURT</u> : I would prefer if you would reserve your right.

... / MR BIZOS

MR BIZOS : As Your Lordship pleases.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : U Edele, die volgende getuie wat die Staat gaan roep se naam is Nunka Mkhalipe. Dit is nog steeds Alexandra.

NUNKA MKHALIPE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U was gedurende 1985 werksaam by 'n nuusblad wat verskyn het maandeliks in Alexandra bekend as die Alexandra Chronicle? -- Ja.

U het op 23 Februarie 1985 die begrafnis van die persoon genaamd Vincent Shabalala gedek vir die koerant? -- Dit is korrek.

HOF : Is u 'n verslaggewer of 'n fotograaf? -- Ek doen beide. Ek is bekend as 'n "photo journalist."

MNR. FICK : U het tydens die begrafnisstoet van die kerk na die begraafplaas foto's geneem van wat u daar opgemerk het? -- Ja, ek het.

Ek toon aan u drie foto's. Is dit die foto's wat u geneem het? -- Dit is die foto's.

Dit is BEWYSSTUKKE AAY(60)(i), (ii), (iii).

HOF : Is dit nodig dat ons hulle bymekaar hou? Waarom kan ons hulle nie AAY(60), (61) en (62) maak nie. Dit is makliker.

MNR.FICK : Die eerste foto, kan u dit net identifiseer. Dit is 'n optog van persone voor lyk dit soos priesters of predikante wat stap en agter hulle stap 'n klomp mense en omtrent in die derde of die vierde ry is daar 'n banier wat op staan "COSAS - Each one teach one." Die tweede foto is van blykbaar ook 'n banier waar staan aan die linkerkant "Alexandra Congress" aan die regterkant "AYCO" en in die middel 'n wapen waar staan "Unity Understanding Action." AAY(61). Dan AAY(62) is 'n

... / foto

foto van 'n klomp mense. Ongeveer in die middel blyk dit dat die persone 'n kis dra. Daar is 'n persoon met 'n T-hempie van UDF wat 'n teken gee en langs hom nog 'n persoon wat dieselfde teken gee. Die vuis en die gestrekte duim. Is dit korrek? -- Ja.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : Your newspaper was the official mouthpiece of the town council at Alexandra? -- Yes.

Are these the only photographs that you took or are there many others? -- It was a film. There are more than this.

Where are the others? -- They are in my filing cabinet.

Would you on an informal basis, we do not want you to come again, we do not want to inconvenience you, would you be happy to make them available to us? -- Yes.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die Staat gaan nou getuienis aanbied van Mankweng. Dit is paragraaf 11 bladsy 78 van die besonderhede en paragraaf 6 van die gewysigde besonderhede. Die Staat roep vir Joachim Heinrich Krüger.

JOACHIM HEINRICH KRÜGER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die veiligheidstak Pietersburg? -- Dit is korrek.

Op 8 Oktober 1984 het u beslag gelê op sekere pamflette? -- Dit is korrek.

Eerstens, waar het u beslag gelê op die pamflette? -- Die pamflette was gedurende die aand van 8 Oktober 1984 in die Mankweng woongebied versprei. Dit was 'n huis-tot-huis verspreiding gewees en ek het self op een van die pamflette

... / daar

daar in die woongebied beslag gelê.

Ek toon aan u 'n pamflet. Daar is 'n vertaling by. Ek sal nog by My Geleerde Vriend verneem of hulle dit sal erken. Herken u hierdie pamflet? Dit is ABA(57). Is dit die pamflet waarop u beslag gelê het? -- Dit is korrek.

Die volgende dag, 9 Oktober 1984, wat het daar plaasgevind in Mankweng? -- Op 9 Oktober 1984 was daar 'n dorpsraadverkiesing te Mankweng woongebied.

Was daar raadslede verkies inderdaad? -- Dit was 'n raadslidverkiesing.

Die dag daarna, 10 Oktober 1984, het u in besit gekom van andere dokumente. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Ek wil net eerstens vir u vra, hoe het u in besit gekom van hierdie ander dokumente? -- Ek was by twee van die raadslede gewees, ene mnr. Mohale en 'n mev. Matsitela. Hulle het twee dokumente - elkeen van hulle het 'n dokument aan my oorhandig.

Ek gaan nou aan u toon ABA(58) eerstens. Hier is 'n koevert ook by.

HOF : Ons sal dit merk ABA(58)(i) en (ii).

MNR. FICK : Herken u hierdie dokument ABA(58)(i) en (ii)? -- Ek herken die dokument.

Waar het u aan hierdie dokument gekom? -- Hierdie dokument het ek van mnr. S. Mohale ontvang wat 'n dorpsraadslid was.

Ek wil vir rekorddoeleindes sê dat ABA(58)(i) is 'n handgeskrewe dokument geadresseer aan "Dear Friend" (Mnr. Fick lees inhoud van dokument) en die koevert is geadresseer aan mnr. S. Mohale, Tintis Sovenga(?). Ek wil dan aan u toon ABA(59)(i) en (ii). Herken u hierdie dokument ABA(59)(i) en (ii)? -- Ek herken hom.

Waar het u aan hom gekom? -- Ek het hierdie dokument by mev. S. Matsitela ontvang wie ook 'n lid is van die dorpsraad.

... / Nadat

Nadat u hierdie dokumente ontvang het van die gemelde raadslede, het hulle raadslede gebly of wat het gebeur? -- Die persone het nadat hulle die dokumente ontvang het summier bedank uit die dorpsraad en daarna het die ander raadslede ook uit die dorpsraad uit bedank.

MR BIZOS : My Lord, we have not seen these documents before. We are unable to ask any questions about them, but we are going to contend that the evidence is not admissible on this indictment. Evidence of what a police officer was handed over by someone with the greatest respect does not become admissible. There is no suggestion that the SA Suicide Squad was a co-conspirator, whoever they might be or who this SASS is on the other document. We do not know who is responsible or might be responsible for that. We take up the attitude that this evidence is inadmissible. We are unable to ask any questions about it. I might even say that in relation to the motive for the resignation, even that is hearsay and we would ask Your Lordship to strike it out.

COURT : He has not said anything about the motive. He merely said that after the receipt of these documents, they resigned. He has not said anything about the motive.

MR BIZOS : Insofar as there may have been a suggestion that Your Lordship should draw an inference in that regard. We do not know what else might have happened, but the way the evidence is led is obviously that the Court may be led to that conclusion. This is not the person to speak about that.

COURT : Yes, but now let me just get it clear. I have noted your objection, Mr Bizos. Do you want me to go further than that?

MR BIZOS : I leave it in Your Lordship's hands. I merely place on record as to why we are unable to deal with it and

we do object on the admissibility.

COURT : The objection is noted. If necessary eventually it appears that it is entirely relevant, we can either strike it out or it can just be disregarded, but I do not think at this stage I can rule on this aspect and I do not know what is coming. It may well be that we get evidence that COSAS is SASS for what that may be worth. I do not know. It seems that the author of these documents did not progress beyond the first grade.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - - -

MNR. FICK : Die volgende getuie wat die Staat wil roep sal getuienis aanbied oor 'n beslaglegging wat plaasgevind het te Mankweng, maar voor die getuie ingesweer word, wil ek aan die Hof meld dat die beslaglegging was September 1985 en dan so onlangs soos Junie 1986. Voor ons deur die hele prosedure gaan om hierdie getuie ingesweer te kry en getuienis af te lê. weet ek nie wat My Geleerde Vriend se houding daaromtrent is nie.

HOF : Wel, wat is nou in beslag geneem? Dokumentasie?

MNR. FICK : Dokumentasie.

HOF : Is daar enige aanduiding op die dokumentasie dat dit 'n oorsprong het binne die tydperk waarmee ons te doen het?

MNR. FICK : Van hulle het datums binne die tydperk. Van hulle het nie, maar die Staat wil dit aanbied om aan te toon onder andere dat die SRC, soos die SRC van die Noorde is AZASO. Sy bedrywighede is gelyk aan die van AZASO.

HOF : Maar as dit nou aangebied word soos in Junie 1986, hoe gaan dit enige voordeel hê? Dit mag nou AZASO wees vir al wat ek weet, maar 'n studenteraad verander van jaar tot jaar in

... / elk

elk geval. Dit gaan ek nie toelaat nie. As daar dokumente is waarop u nou beslag gelê het wat 'n oorsprong het binne die termyn en dit is relevant, dan dink ek sal ek dit toelaat, maar nie dokumente wat nie aangetoon word om binne die tydperk te val nie.

MNR. FICK : Ek het dan ook net die verdere probleem dat die dokumente is ingebind. Nou is ongelukkig van die goed wat u nie sal toelaat nie, tussenin.

HOF : Dan moet ons dit maar weer uitmekaar haal.

MNR. FICK : Ek sal dit uitmekaar haal. Ek wil dit net onder die Hof se aandag bring dat die goed is reeds ingebind.

HOF : Mnr. Bizos, wil u enigiets byvoeg by wat ek gesê het?

MR BIZOS : No, I would accept Your Lordship's ruling that it would have to be a document which ex facie the document belongs to one of the affiliated organisations. Well, I do not have to spell it out. I have no objection at this stage.

JOHANNES HENDRIK VAN DYK, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : U is 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie te Pietersburg verbonde aan die veiligheidstak? — Dit is korrek.

U het op 3 September 1985 na die kampus van die Universiteit van die Noorde gegaan. U het daar sekere beslagleggings gedoen? — Dit is korrek.

U het beslag gelê op dokumente in sekere kantore. By watter plek by die universiteit het u die beslagleggings gedoen? — Die beslagleggings het geskied by die kantore van die SRC, die VSR, die Verteenwoordigende Studenteraad van die Universiteit en ook by die kantoor van die Azanian Students Organisation van die Universiteit.

AZASO? -- Dit is AZASO.

HOF : Het hulle ook 'n kantoor by die Universiteit? -- Dit is

... / korrek

korrek.

Kan u net aan die Hof meld hoe weet u dit is AZASO se kantoor? Staan dit op die kantoor of wat is die posisie? -- Daar is 'n aanduiding op die deur. Daar staan AZASO op die deur geskryf van die kantoor. Dit word gebruik as 'n kantoor deur die AZASO bestuur op die kampus.

Dan eerstens wil ek aan u 'n dokument toon. ABA(60) Ek toon aan u 'n dokument. Bo-aan die titel Verteenwoordigende Studenteraad. 'n Sekere resolusie en hy is gedateer 17 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Afrikaans? MNR. FICK : Afrikaans en Engels. Die opskrif is Afrikaans en Engels. (Mnr. Fick lees ABA(60) uit) Is dit een van die dokumente wat u op beslag gelê het die dag? -- Dit is een van die dokumente waarop ek beslag gelê het.

MNR. FICK : Hy kom uit die VSR se kantoor? -- Dit is korrek.

Ek toon u dan verder 'n dokument ABA(61). Die opskrif is AZAnian Students Organisation, University of the North dated 4 October 1984. Dit gaan oor "Recommendations to the NEC, National Executive Committee." Is dit een van die dokumente wat u op beslag gelê het by die AZASO kantoor? -- Dit is een van die dokumente waarop ek beslag gelê het.

Ek wil dan aan u 'n dokument toon ABA(62). Bo-aan is die opskrif "Message from the ANC Underground." Hy is twee bladsye. Hy sluit af "Issued by the Underground Voice of the African National Congress. Please pass this on." U Edele, die Staat se betoog is hierdie dokument is relevant, in die opsig, daar is geen datum op nie, maar die hele dokument handel oor die verkiesings, die parlementêre verkiesings. Volgens die dokument is dit duidelik hy is uitgereik hierdie tyd, want daar word 'n oproep gedoen op die mense hulle moenie stem nie. Hulle moenie vir die Indiër regeringkamers stem nie.

HOF : Waar is die dokument gevind? -- Hy kom ook uit die AZASO kantoor uit.

MNR. FICK : Dan wil ek verder met u gaan. U het op 12 Junie 1986 weer gegaan na die kantore van die VSR, Verteenwoordigende Studenteraad en u het weer daar beslag gelê op dokumentasie? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is 'n maand gelede? -- Ja, 'n maand gelede.

MNR. FICK : Ek toon aan u 'n dokument ABA(63). Dit is 'n publikasie. Bo-aan staan "AZASO Azanian Student Organisation Regional News Letter, Transvaal." Die Staat se submissie (10) is hy is toelaatbaar, want op bladsy 2 daarvan word uitdruklik gemeld dat hierdie dokument is uitgereik aan die einde van 1984. Hulle doen 'n beroep hier op die mense om 1985 die jaar te maak waarop die mense se "education demands accomplished" sal word. Volledigheidshalwe, het u op enige van hierdie twee geleenthede enige kwitansie uitgeskryf of inventaris opgestel? -- Nee.

Tweedens, was daar enigiemand teenwoordig behalwe nou die polisie tydens die beslaglegging van of AZASO of die Verteenwoordigende Studenteraad op enige van die geleenthede? (20) -- Nee.

Kan u aan die Hof meld hoekom was daar nie mense teenwoordig van of AZASO of die Verteenwoordigende Studenteraad nie? -- Tydens elke optrede wanneer ons by die kantore aangekom het, was daar niemand gewees nie. Ons kon niemand daar vind nie. Niemand was bereid om - geeneen van die studente of AZASO lede was bereid om soontoe te kom nie. Ons kon geeneen van hulle daar vind nie. Ek weet nie of hulle enige vrees gehad het vir die polisie en of hulle net dalk in hulle kamers was nie, maar ons kon geeneen van hulle vind nie. (30)

HOF : Het mnr. Bizos die dokumente gesien? Ek het dit nog nie

... / gesien

gesien nie.

MR BIZOS : I want to have a look particularly at one of these documents. I think that Your Lordship would also want copies of them. Perhaps whilst I am looking at one of these documents, if Your Lordship would grand a short adjournment to enable My Learned Friend to dismantle his bundle and also for me to have a look at it, we will be able to deal with it.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

JOHANNES HENDRIK VAN DYK, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Van Dyk, ons Geleerde Vriend, die aanklaer, het die Hof verseker dat die dokument ABA(62) verwys na die periode van die klagstaat in die saak. Die versekering is gegee dat die inhoud van die dokument het betrekking op die periode van die klagstaat in die saak van 1983 tot 1985. Is dit inligting wat die aanklaer van u gekry het? -- Nee.

Het u die dokument bestudeer? -- Ek het die dokument deurgelees.

Het u dit bestudeer? -- Ek het dit nie bestudeer nie.

Het u 'n afskrif daar voor u? -- Ek het 'n afskrif voor my.

Wat u van die dokument kan onthou, kan u sê na watter periode die dokument verwys? Lees dit en sê vir die Hof of u kan sê na watter periode dit verwys? -- As ek die begin van die dokument lees, dan verwys dit na die tydperk wat dan blyk die verkiesing van die South African Indian Council voorafgegaan het.

Wanneer was dit? -- Ek weet nie.

Ekskuus? -- Ek kan nie die datum onthou nie.

Die jaar? -- Ek kan ook nie die jaar onthou nie.

Is daar enigiets in die dokument wat u in staat stel om

... / vas

vas te stel wanneer die dokument opgestel is of voor watter datum dit opgestel is? -- Nee, ek kan geen spesifieke datum in die dokument vind nie. Al wyse waarop 'n mens kan vasstel is deur 'n afleiding te maak nadat 'n mens die dokument bestudeer het.

Watter afleiding maak u as 'n offisier in die veiligheidspolisie? -- My afleiding wat ek maak as ek die dokument deurlees dat dit verwys na 'n tydperk wat die verkiesing van die tweede en derde kamer van die parlement van die Republiek voorafgegaan het.

En wanneer was dit? -- Ek kan nie die datum onthou nie.

Dit was in 1984. Daar is ander getuienis in die saak. In 1984 was die drie kamer parlement, maar verwys die dokument na die drie kamer parlement of na 'n ander liggaam? -- My afleiding is dat die dokument verwys na die drie kamer parlement.

Weet u nie van die verskil tussen die South African Indian Council en die drie kamer parlement? -- Nee.

As ek aan u stel dat die South African Indian Council in November 1981 verkies was, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek het geen kennis van die South African Indian Council nie.

U weet nie eers wat die verskil is tussen die South African Indian Council en die Huis van Afgevaardigdes wat in 1984 gekies was nie? -- Ek kan nie die vraag verstaan nie?

U is nie in staat om enige kommentaar daarop te lewer nie? -- Nee.

Daar is nog 'n paragraaf wat ek aan u wil uitwys. Kan u onthou dat die dokument op 'n sekere plek sê dat die verkiesing van tyd tot tyd uitgestel is? Kan u dit onthou? -- Ek sal die dokument eers weer moet deurlees.

Ek wil u verseker dat dit so sê, maar kan u sê of die

... / South

South African Indian Council se verkiesing uitgestel is van tyd tot tyd of nie? -- Nee.

Of die verkiesing van die drie kamer parlement uitgestel is of nie. U is nie in staat om dit te sê nie? -- Die verkiesing van die drie kamer parlement, sover ek weet, was nooit uitgestel nie.

Daar is nog 'n paragraaf in die middel van die tweede bladsy "The leaders of the Indian people Ahmed Kathrada", is daardie naam korrek gespel? -- Ek sal nie daarop kan kommentaar lewer nie.

"Billy Nair, Sheba are serving long prison sentences ... "(Mnr. Bizos lees voort) Weet u of gedurende die tydperk 1983/84 mnr. Sheba en/of mnr. Nair in hegtenis was of nie? -- Nee, ek weet nie.

En as ek aan u stel dat mnr. Lalo Sheba op 18 Desember 1982 vrygelaat is, sal u in staat wees om dit te erken of te ontken? -- Ek kan geen kommentaar daarop lewer nie. Ek weet glad nie.

En as dit waar is, moes hierdie dokument voorgekom het voor daardie datum? As die inhoud daarvan korrek is? -- Ek stem saam.

Weet u wanneer mnr. Billy Nair vrygelaat is of nie? -- Nee, ek weet nie.

As ek gaan u stel dit het in Maartmaand 1984 plaasgevind, sal u seer sekerlik nie in staat wees om dit te erken of te ontken nie? -- Nee.

Weet u wanneer die "anti-psyc" komitee gestig is? -- Nee, ek weet nie.

En as ek aan u stel dat dit in 1981 is, sal u nie in staat wees om dit te erken of te ontken nie? -- Nee.

Die kantore wat deur die Studenteraad gebruik is en ook

... / die

die kantoor wat deur AZASO gebruik is by die universiteit, weet u of die kantore net by die lede van die organisasies gebruik is of die lede in die algemeen toegang tot daardie kantore het of nie? -- Sover my kennis strek het die SRC, die VSR lede elkeen 'n sleutel vir sy kantoor.

Is daar baie kantore vir die studenteraad? -- Ja, daar is 'n paar kantore.

Maar is daar nie verskillende verenigings by die universiteit wat hokkies het binne-in die studenteraad se kantore nie? -- Nie sover my kennis strek nie.

U kan nie sê of dit so is of nie? -- Ek het nog nooit so iets daar opgemerk nie.

Wat van AZASO? Het AZASO 'n hele kantoor vir die organisasie self gehad of is dit deur ander organisasies ook gebruik? -- AZASO het sy eie kantoor gehad.

Watter ander organisasie het sy eie kantoor daar? -- Die Azanian Students Movement het ook sy eie kantoor gehad.

Wie nog? -- Dit is al organisasies wat ek van weet wat kantore daar gehad het.

Wie het die sleutel vir daardie organisasie? Weet u? Van daardie kamer, jammer? -- Nee, ek weet nie.

En u weet nie of een of meer persone toegang tot daardie kantoor het of nie? -- Nee, ek weet glad nie.

Maar het die owerheid by die universiteit nie 'n rekord gehad wie die ampsdraers van AZASO was nie? -- Nee, ek kon geen so 'n rekord vind nie.

Het u enige vrae gestel aan enige persoon wie is die president of die sekretaris van AZASO? Het u enige sodanige vrae gestel? -- Ek weet nie aan watter persone u bedoel nie.

Kyk, toe u in die AZASO kantoor ingegaan het om dit te visenteer of om ondersoek in te stel, het u nie gevra wie is

... / die

die president of wie is die sekretaris van AZASO nie? Waar is hy? -- Daar was niemand in die kantoor op daardie stadium om sulke vrae te stel nie.

Was die kantoor gesluit? -- Die kantoor was nie gesluit nie.

U het net binnegegaan? -- Dit is reg.

Was dit gedurende die dag? -- Ek kan nie die spesifieke tyd onthou nie.

Kan u nie onthou of die studente daar in die omgewing was of nie? Of daar studente daar beweeg het of nie? -- Daar was nie studente in die omgewing wat daar beweeg het nie.

Was die universiteit oop of toe? -- Die universiteit was oop gewees.

En ons kan aanvaar net soos u sonder 'n sleutel in die kantoor van AZASO kon ingegaan het, kon enige ander student of persoon binne-in daardie kantoor gegaan het? -- As dit nie gesluit is nie, kon enigiemand ingegaan het.

My Lord, we are going to submit to Your Lordship that this document ABA(62) is not shown to have any relevance for the period. Again I do not know whether Your Lordship wants to hear final argument now or not?

COURT : If you want to reserve your position, you can reserve your position. We will have lots of this sort of stuff.

MR BIZOS : Subject to that we have no further questions.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - - - - - - -

MNR. HANEKOM : Die volgende getuie is Diedelhof Jacobus Fourie. Die getuie gaan getuig oor Daveyton. Die getuie het my gevra om onder die Hof se aandag te bring dat hy 'n spraakprobleem het. Veral as hy 'n bietjie opgewonde raak, dan stotter en

... / hakkel

hakkel hy.

DIEDELHOF JACOBUS FOURIE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Fourie, u is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidstak gestasioneer te Benoni? -- Dit is korrek.

Gedurende 1984/85 was u werksaam in Daveyton binne die distrik van Benoni.

Was daar in daardie tydperk 1984/85 enige organisasies aktief in Daveyton? -- Daar was 'n organisasie aktief bekend as ERAPO.

Waarvoor staan ERAPO? -- East Rand People's Organisation.

Het die organisasie enige vergaderings in die gebied gehou? -- Dit is korrek. Hulle het vergaderings gehou wat hulle gepropageer het deur handgeskrewe kennisgewings van die betrokke vergaderings te versprei.

Het u persoonlike kennis gedra wie lede van die organisasie was? -- Dit is reg.

Kan u hulle noem? -- Dit was algemeen bekend dat Solly Klaas die vise-president was van die organisasie. Borence Mohabe, Ezekiël Khubega, Star Motswege en Aubrey Nkumalo ... (Mnr. Hanekom kom tussenbei)

Net voordat u verder gaan. Weet u of die Star Motswege ook aan enige ander organisasie verbonde was? -- Dit is reg. Hy was ook lid van COSAS.

HOF : Is die mense wat u nou genoem het die bestuur? -- Wat deel vorm van die bestuur.

Van ERAPO? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie nog? -- Aubrey Nkumalo.

Was hy ook aan enige ander organisasie verbonde? -- Dit is korrek. Hy was ook lid van COSAS. Asook Longile Sonte.

Was daar nog persone? -- Daar was nog ander persone, maar

... / hulle

hulle name is nie so aan my bekend nie.

Het u 'n persoon geken met die naam van Vincent Francis? -- Vincent Francis was ook 'n beskermheer vir hierdie organisasie ERAPO.

Weet u of hy aan enige ander organisasie verbonde was? -- Hy was ook betrokke by UDF.

Weet u watter posisie hy in UDF beklee het? -- Ek is nie seker nie.

Watter tema het ERAPO gehad? Wat het hulle gepropageer in die gebied? Het u dit te hore gekom?

MR BIZOS : The question makes the answer inadmissible. Te hore gekom. I would have thought that that would have been a sufficient warning.

HOF : Gaan u nou hoorsê getuienis lei?

MNR. HANEKOM : Ek het dit swak geformuleer. Ek sal die vraag anders vra.

MR BIZOS : If he has knowledge, we should hear how he has acquired this knowledge.

HOF : U sal nou die fout moet herstel.

MNR. HANEKOM : Weet u watter tema die organisasie gehad het? -- Hulle het die bestaande Swartdorpsbestuur aangeval deur beswaar te maak teen verhoogde huishure, water en ligte tariewe. Hulle het ook skoleboikotte bevorder.

MR BIZOS : That is a conclusion which the witness has arrived at. In the absence of any basis upon what knowledge the witness is relying on, the conclusions are not admissible.

HOF : Het u hierdie wat u nou vir ons vertel het waargeneem of het u dit gehoor by iemand? -- Ek het dit waargeneem deur observasiedienste.

Nou hoe het u dit waargeneem? Wat het u gesien? -- Wanneer die persone hulle huishuur gaan betaal het, was hulle

... / soms

soms voorgekeer en verhoed dat hulle hulle huishuur gaan betaal. Hulle was ook aangesê ... (Hof kom tussenbei)

Maar het u gehoor self dat hulle aangesê word? Het u gehoor dat hulle vir u vertel "Ons is aangesê"? -- Deur observasiedienste het 'n mens gemerk dat 'n persoon 'n persoon aansê en dan draai hy weg, alhoewel hy sy geld in sy hand het om sy huishuur en water en ligte te gaan betaal. Dan het hy omgedraai en nie die kantoor binnegegaan nie.

MNR. HANEKOM : Het u enige publikasies self gesien wat deur ERAPO uitgegee was in die gebied? -- Ek het sulke publikasies gesien waar hulle ook te velde trek teen die huishuur en water en ligte tariewe.

Het u gesien of ERAPO enige standpunt gehuldig het oor die raadstelsel en raadslede? -- Dit was ook bekend aan my dat hulle die raadslede versoek het om te bedank uit hulle poste.

HOF : Ja, maar hoe het u dit nou te wete gekom? Was u daar by toe hulle die raadslede gevra het, het u dit op 'n pamflet gesien of wat het u gedoen? -- Dit was in 'n geskrewe pamflet waar hulle die raadslede versoek het om te bedank.

MNR. HANEKOM : Gedurende die tydperk September 1984 tot Februarie 1985, was daar onlus en oproer in Daveyton? -- Ja. Die jeugdiges het raadslede se huise aangeval deur dit te bestook met petrolbomme en klippe asook Swartpolisie se wonings. Daar was ook na polisievoertuie wat in die Swartwoongebied gepatrolleer het gegooi en padversperrings was opgerig. Daar was ook deurgaans skoleboikotte.

Op 8 September 1984 was daar 'n begrafnis van vier onlusslagoffers in Daveyton? -- Dit is korrek.

Het u die begrafnisdiens onder observasie gehou? -- Dit is korrek.

... / Waar

Waar was die diens gehou? -- Die diens was gehou in die Senawa stadium in Daveyton Swartwoongebied.

Kon u sien wie as sprekers by die diens opgetree het? — Deur observasiedienste wat ek gehou het by die stadium het ek gemerk dat Desmond Tutu daar was asook Vincent Francis wat die begrafnisreëlings getref het asook Borence Mohabe, Ezekiël Khubeka en Aubrey Nkumalo was ook teenwoordig.

Het u enige plakkate of baniere daar gesien? -- Dit is reg.

Wat was dit? -- Daar was plakkate van COSAS, ERAPO, UDF en verskeie T-hempies van Swartvakbonde.

Het u enigiets anders opgemerk aan die klere van die begrafnisgangers? — Daar was ook lapelvlaggies aan die jeugdiges gewees met die kleure swart, groen en geel.

Het u van die draers van die kiste geken? -- Ek het wel van hulle geëien, naamlik Aubrey Nkumalo, Aubrey Mahlangu.

Was Aubrey Mahlangu aan enige organisasie verbonde volgens u kennis? -- Ja, hy is ook 'n COSAS lid. Star Motswege was ook 'n draer gewees.

Was daar enige probleme in Daveyton na die begrafnis? -- Dit is reg. Na die begrafnis het die jeugdiges opgemarsjeer in die strate. Hulle het padversperrings opgerig. Hulle het ook verskeie wonings aangeval deur klippe te gooi asook klippe na die polisievoertuie te gooi. Staande instellings soos drankwinkels van die Raad het hulle ook geplunder en geroof en aan die brand gesteek.

Was daar op daardie selfde dag 'n optog van enige aard na die begrafnis? — Dit is reg.

Wat was dit? — Soos ek verduidelik het, na die begrafnis het die persone in groepe of in 'n groep saam gemarsjeer na die polisiestasie, maar hulle is uiteen gedryf deur die

... / veiligheidsmagte

veiligheidsmagte wat op daardie stadium diens verrig het.

Dan op 17 November 1984 was daar weer 'n begrafnis van onlusslagoffers in Daveyton? -- Dit is korrek.

Het u by die begrafnisdiens observasie gehou? -- Dit is korrek. Ek het weer observasiedienste gehou.

Waar was die diens gehou? -- Die diens was gehou by die verskeie onlusslagoffers se wonings waarna hulle dan na die begraafplaas beweeg het en weer na die begrafnis was daar oproer gewees, padversperrings was weer opgerig, voertuie was weer beskadig deur klipgooiery.

Ek wil aan u 'n dokument toon. Dit is 'n dokument wat as BEWYSSTUK Z(1) ingebind is. U Edele sal sien op Z(1) is die Swarttaal van Z(1) in Zoeloe terwyl die pamflet wat nou voor die getuie is dieselfde voorkoms en bewoording het as die Engelse kant en sy Swartdeel is in Sotho, maar dit het ook dieselfde bewoording as die Zoeloe.

HOF : Maar hierdie is nie in Zoeloe nie.

MNR. HANEKOM : Of net anders om. Dit is Sotho op Z(1) en die pamflet nou voor die getuie het Zoeloe agter op.

HOF : Ja, dit mag nou wees, maar wat probeer u nou bewys?

MNR. HANEKOM : Nee, ek sê dit net ter inligting.

HOF : Dit is so goed asof u aan die een kant 'n knopkierie inhandig en dan sê maar die getuie kyk na 'n mes.

MNR. HANEKOM : Nee, die inhoud van die pamflet is dieselfde. Die Engelse deel is ook presies identies, maar ek wil nie sê die pamflet wat die getuie nou voor hom het is identies met Z(1) nie. Hy verskil in die opsig dat die Swarttaal op sy afskrif 'n ander Swarttaal is as die een voor u.

HOF : Moet die pamflet wat dus 'n ander pamflet is as Z(1) nie 'n ander bewysstuknommer hê nie, dan kan u sê daardie bewysstuk lyk wat die Engels betref presies soos Z(1). Dan maak ons dit

ABA(64).

MNR. HANEKOM : Soos die Hof behaag. Herken u die pamflet? -- Dit is korrek.

K383 Is die pamflet versprei in Daveyton? -- Dit is korrek.

Wanneer is dit daar versprei? -- Dit was op die vooraand gewees van die 5de en die 6de November 1984.

Wat het op 5 en 6 November 1984 in Daveyton gebeur? -- Daar was 'n algehele wegbly-aksie deur die Swartes. Niemand het opgedaag by hulle werksplekke nie. Die taxi-eienaars te Daveyton was ook gedreig dat indien hulle enige persone sou vervoer ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : Unless the witness was present, this would not be admissible.

HOF : Was u self by toe hulle gedreig is? -- Deur observasiedienste het ek gemerk dat waar die taxi-eienaars stilgehou het en die mense gepoog het om die voertuie te bestyg, dat hulle deur persone wat in die omgewing gestaan het verhoed was om daardie voertuie - om in die voertuie te klim en vervoer te word. Dieselfde ook het gebeur by bushaltes waar persone gewag het vir die busse, was hulle ook fisies verhoed om in die busse te klim en daarvan gebruik te maak.

MNR. HANEKOM : Was daar op die twee dae, 5 en 6 November 1984 padversperrings aangebring in Daveyton? -- Daar was wel padversperrings aangebring deur jeugdiges wat ook 'n poging was om te verhoed dat persone kan reis en ook die taak van die veiligheidsmagte te bemoeilik.

Die dokument wat u voor u het as ABA(64), dit is 'n fotostatiese afdruk, het u dit in daardie vorm gesien in Daveyton? -- Ek het 'n oorspronklike gehad van die dokument. Ek het dit gefotostateer. Die oorspronklike het ek aangestuur aan my hoofkantoor en vir my 'n fotostaat van die oorspronklike dokument

... / wat

wat ek versend het gemaak.

Kon u die oorspronklike weer bekom? -- Nee.

Ek toon aan u die fotostatiese afdruk van nog 'n dokument. ABA(65). Herken u die dokument? -- Dit is korrek.

Waar het u dit gesien? -- Dit was versprei in Daveyton.

Wanneer? -- Dit was gedurende Augustus. Ek is nie seker van die presiese datum nie.

Augustus 1984? -- Dit is korrek.

Het u 'n oorspronklike van hierdie dokument in u besit gehad? -- Ek het ook 'n oorspronklike dokument bekom wat ek na my hoofkantoor versend het.

Kon u die oorspronklike weer in die hande kry? -- Ongelukkig nie.

HOF : Het u self hierdie afskrif gemaak? -- Dit is korrek. Ek het dieselfde proses gevolg as wat ek met die "stay-away" dokument gevolg het.

MNR. HANEKOM : Die dokument begin "Fellow students ... " (Mnr. Hanekom lees dokument uit aan Hof. Die Mabuya, Davey en HB Nyati, verwys dit na skole in Daveyton? -- Dit is korrek.

Weet u of daar op 9 Augustus 1984 wel klasseboikot by die skole was? -- Dit is korrek, ja.

Was daar enige voorvalle op die dag? -- Daar was sporadies voorvalle deurentyd gewees van onrus in Daveyton, waar Swartjeugdiges versperrings opgerig het, voertuie voorgekeer het, beroof het, veral afleweringsvoertuie van die bakkery en koeldrankaflewerings.

In die middelste paragraaf wat begin met "Throughout the country", in die middel van daardie paragraaf staan "We therefore appeal to the students at Wulwazi to unite with the boycotting schools since all of us are directly affected."

... / Die

Die Wulwazi wat daar genoem word, is dit 'n skool in Daveyton? -- Dit is korrek, ja. Hy is onder beheer van 'n Blankeskoolhoof wat streng dissipline toegepas het en die leerlinge het nie deelgeneem aan die voorafgaande ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : The witness is again passing judgment on the headmaster and on the happenings that in the ordinary course of events would not be within his personal knowledge.

HOF : Was u 'n leerling daar dat u weet van die dissipline? -- Ek kan dit so verduidelik dat alhoewel die ander skole se skoolhoofde nie dissipline kon toepas deur hulle skoliere op die skoolgronde te hou nie, was die skoolhoof, het hy wel daarin geslaag en 'n 90% bywoning gehad het van sy klasse, terwyl die ander skole wat genoem word hierso 'n totale "stay-away" gehad het... (Hof kom tussenbei)

U begryp nie wat ons mee besig is nie. In die proses voor die Hof is dit nie toelaatbaar dat u hoorsê getuienis aanbied nie, dit wil sê van wat u nie self waargeneem het nie. Dus, as u my vertel van 'n 90% bywoning van klasse en u het dit maar net êrens gehoor by iemand, dan is dit nie toelaatbaar nie. Dit is die probleem. -- Ekskuus. Kan ek dit regstel. Die observasiedienste wat ek gehou het by die skole omdat ons verantwoordelik was ook vir die monitor van die bywoning, het ek self waargeneem dat sy skool die enigste skool is gedurende die tydperk wat 'n bywoningsyfer gehad het wat baie goed was.

MNR. HANEKOM : Dan in die volgende paragraaf word daar melding gemaak van 'n samekoms by Mabuya om 07h30. Weet u of daar so 'n byeenkoms was? -- Deur observasiedienste het ons waargeneem dat daar wel groepe jeugdiges opgedaag het by die betrokke skool.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

DIEDELHOF JACOBUS FOURIE, nog onder eed.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Fourie, hoe lank is u te Benoni gestasioneer? -- Sedert 1978.

Weet u wanneer ERAPO gestig is? -- Ek is nie seker van die datum nie.

Watter jaar min of meer? -- Dit is moeilik vir my om nou 'n definitiewe antwoord te gee.

Sal u asseblief nou skat wanneer volgens u kennis is ERAPO gestig? U het gekom om getuienis oor ERAPO te gee. Wanneer is dit gestig? -- Ek sal skat in 1979 was daar sprake gewees van organisasies.

Laat ons dit so aan u stel. Weet u wanneer die UDF gestig is? -- Ek is ook nie seker van die datum nie.

Of die jaar? -- Dit was in die 70's.

70's? Wat beteken dit? -- Ek is nie presies seker van 'n spesifieke datum nie, maar dit is ook in die omgewing van 1978 hier na 1980 toe.

UDF. Dit is voor die jaar 1980 gestig? -- Dit is korrek.

Hoe weet u dit? Dat dit voor die jaar 1980 gestig is? Het u miskien UDF T-hemde daar gesien in Benoni? -- By die begrafnisse was UDF T-hempies vertoon.

Voor die jare 1980? Van 1978, 1979 af? -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

Wanneer het u vir die eerste keer 'n UDF T-hemp gesien? -- Ek is nie seker van die datum nie.

Hoeveel jaar na u na Benoni gekom het? -- Ek was eers administratief gewees voor ek buitekant gewerk het en daarom kan ek nie spesifiek sê nie.

Watter organisasie is eerste gestig? ERAPO of UDF? -- Toe ek in die veld gewerk het, was ERAPO reeds gestig gewees

... / en

en het hy gefunksioneer.

Wanneer was dit? — Dit was in 1982 gewees.

En UDF, wanneer het u bewus geword van die UDF? — Ek het kennis geneem van die organisasie gedurende dieselfde tydperk toe ek ook buite gewerk het en nie meer administratiewe werk verrig het nie.

Is dit ook in 1982? — Ek is nie seker nie. Dit kon in 1982 gewees het.

U het in u hoofgetuienis aan die Hof gesê dat u het kennis van ERAPO. Ek wil vir u vra of ERAPO gewone lede het en of dit nou 'n federasie van organisasies is of nie? — Herhaal net die vraag, asseblief?

Weet u en ek sal dit verduidelik. Ek wil nie verwarring skep nie. Weet u of ERAPO - of 'n persoon lid van ERAPO kan word of nie? -- Enige persoon kon 'n lid word of by ERAPO aansluit.

Hoe weet u dit? -- Dit is algemene kennis dat 'n persoon genader word deur ERAPO lede en dan doen hulle werwingswerk en hy word 'n lid van ERAPO.

Hoe weet u dit? U sê dit is algemene kennis, maar hoe weet u dit? — 'n Persoon nader 'n ander persoon en hy werf hom as 'n lid vir ERAPO. Dit is algemene kennis dat werwingswerk gedoen word.

Is dit ook van waarnemingswerk wat u gedoen het dat u hierdie kennis gekry het? -- Nie uit waarneming nie,maar my algemene kennis dat 'n persoon werf 'n lid en hy nader hom, gaan spreek hom by sy huis en hy doen voorspraak en hy werf 'n lid vir ERAPO.

As ek aan u stel dat ERAPO 'n organisasie van organisasies is, dit wil sê 'n soort van federasie, is u in staat om dit te erken of te ontken? — Ek het nie so diep ingegaan in die

... / struktuur

struktuur van ERAPO nie en ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

Weet u of verskillende tipe organisasies byvoorbeeld vakbonde en gemeenskapsorganisasies, plakkersorganisasies ensovoorts verteenwoordigers in ERAPO aangestel het? -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat ERAPO besig was in die Oos-Rand ten minste drie jaar voor die UDF gestig was? -- Ek kan ook nie op daardie vraag antwoord nie.

Twee of drie jaar of twee en 'n half jaar. U kan nie sê nie. Weet u of die organisasies wat lidmaatskap van ERAPO gehad het ook aan UDF geaffilieer was of nie? -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie. Wat ek wel weet is dat van die persone wat ek genoem het wel lede was van ander organisasies soos UDF.

Nee, dit was nie my vraag nie. Die vraag is, weet u of die organisasies wat aan ERAPO behoort het of elkeen van hulle aan die UDF geaffilieer was of nie? -- Ek kan nie op hierdie vraag antwoord nie.

Weet u van enige verskille tussen vakbonde, federasies wat gedurende die jare 1982/83/84 daar was in die Oos-Rand? -- Ek dra wel kennis van sulke voorvalle.

Weet u van enige vakbonde wat nie aan die UDF wou affilieer nie? -- Ek het wel sulke gerugte gehoor. Ek kan dit nie bevestig nie.

Maar dieselfde vakbonde het wel lede van ERAPO geword of lede van ERAPO was? -- Daardie kennis is algemene kennis dat daar lede was wat wel van ERAPO lid was sowel as van ERAPO.

U bedoel seker van sekere vakbonde en ERAPO? -- Ek verstaan die vraag so dat die lede van ERAPO ook lede van 'n vakunie was. Dit was my antwoord gewees.

... / Ek

Ek vra u om te aanvaar dat ERAPO besig was as 'n organisasie in Daveyton voor die UDF gestig was. — Ek kan nie daarop antwoord nie.

Weet u wat die werk van ERAPO behels het gedurende byvoorbeeld 1982/83 en ook in 1984? -- Soos ek in my hoofgetuienis gesê het ERAPO het die mense opgestook en hulle het ook persone by hulle vergaderings aangemoedig om nie huis huur te betaal nie en nie water en elektrisiteitshuurgelde wat verskuldig was aan die Raad te betaal nie.

Wanneer het dit vir die heel eerste keer gebeur? -- Ek het daarvan bewus geword gedurende 1984.

In watter maand? -- Ek is nie seker van die maand nie, maar gedurende 1984 was daar wel voorvalle gewees waar die mense begin huishuurboikotte uitroep het.

Is daar enige organisering gedurende 1983 in verband met die huurgelde watin Daveyton betaal was gedoen? -- Ek het daarvan bewus geword eers gedurende 1984.

Gedurende 1983 het u geen persoonlike kennis wat in 1983 gebeur het nie? -- Op daardie stadium was ek nie opdrag gegee om aandag te gee aan die organisasie as sulks nie.

As ek aan u stel dat ERAPO besig was om die mense van die Oos-Rand te verteenwoordig gedurende 1982/83 en ook in 1984 - van 1982 af in verband met die huurgeld wat betaal moes word, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

Weet u of daar massavergaderings gehou was gedurende 1983 aan die begin van 1984 om te protesteer teen die verhoging van huurgelde? -- Ten opsigte van 1983 dra ek geen kennis nie.

Aan die begin van 1984? -- Gedurende 1984 ook nie aan die begin van 1984 nie.

Sê u dat sulke vergaderings nie aan die begin van 1984

... / plaasgevind

plaasgevind het nie of dat u self geen kennis daarvan dra nie? -- Ek het nie daarvan kennis gedra dat dit in 1984 wel sou plaasgevind het nie.

Is daar 'n plakkerprobleem by Daveyton? -- Nie sover my kennis strek nie.

As ek aan u stel dat daar ten minste 5,000 families is wat hulle eie behuising gesoek het wat in Daveyton of die omgewing dit nodig gehad het, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Word dit gestel daar was 5,000 families in Daveyton?

MNR. BIZOS : Katlehongen Daveyton. -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

Is ERAPO 'n organisasie wat in Katlehong en Daveyton gewerk het? -- Ek dra nie kennis van Katlehong nie. Dit val buite my beheergebied. Ek dra net kennis van Daveyton.

Is u in staat om te erken of te ontken dat daar op die Daveyton dorpsraad twee partye was, verteenwoordig was? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Daar is twee politieke partye wat verteenwoordigers het op die Daveyton dorpsraad. Weet u daarvan? -- Daar is wel sulke gerugte dat daar twee faksies te Daveyton bestaan.

Het u nie waarnemings van die feite gedoen nie? -- Dit was slegs hoorsê wat ek waargeneem het en wat die persoon aan my vertel het. Ek het dit nie persoonlik self waargeneem nie.

Ken u mnr. Tom Boya? -- Ja, ek het gehoor van hom. Hy is die burgemeester van Daveyton.

En Shadrack Sinaba? -- Ek het ook van hom gehoor deur algemene kennis.

HOF : Wie was hy? -- Volgens ek verneem het was hy ook die burgemeester gewees.

MNR. BIZOS : Is hy in 'n aparte politieke party as mnr. Boya? — Soos wat ek gehoor het, verskil die twee persone van sienswyse.

En dra u kennis van die feit dat daar 'n stryd tussen die twee leiers in Daveyton bestaan het gedurende 1983 en 1984? — Daar was gerugte gewees dat die persone verskil en dat hulle hulle onderskeie aanhangers het.

Kan u onthou dat aan die begin van Junie 1984 dit aangekondig was dat die huurgelde met R13,00 per maand sou styg? — Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie. Dit mag so gewees het.

U dra geen kennis daarvan nie? — Nee.

Dra u enige kennis van enige reaksie deur die Sinaba party oor die styging? Dit is die naam van die party? — Ek kan nie op die vraag antwoord nie.

Dra u enige kennis dat gedurende Junie en Julie die Sinaba party en ERAPO vergaderings gehou het om te protesteer teen die verhoging van die huurgeld? — Ek kan nie op die vraag antwoord nie. Nie volgens my kennis nie.

Maar u is mos in die veiligheidspolisie? — Dit is korrek.

En u was in die veiligheidspolisie gewees in Junie en Julie 1984? — Dit is korrek.

En u kan nie sê of daar protesvergaderings in Daveyton plaasgevind het of nie? — Ons het verskeie take en jy word deur jou offisier aangestel op 'n sekere aspek en dan gee jy aandag daaraan.

As ons miskien die indruk sou gekry het gedurende die hoofgetuienis dat u die deskundige oor Daveyton en die gebied is, was dit verkeerd? — Ek glo nie ten opsigte van die onrus wat daar plaasgevind het wat ek gemonitor het nie.

... / Dra

Dra u kennis van die feit dat die Sinaba party petisies opgestel het en dat daar duisende mense die verhoging - die petisie geteken het? -- Nie tot my kennis nie.

Weet u of daar 'n stryd bestaan het tussen die Sinaba party en mnr. Boya se party omdat mnr. Sinaba beskuldig is deur mnr. Boya dat hy, Sinaba, die mense wat nie huise het nie en in die agterplase as plakkers woon, mislei? -- Daar was wel gerugte gewees dat daar tweespalk is in die geledere van die twee partye en dat hulle mekaar oor en weer beskuldig het.

Hy, mnr. Sinaba, is ook beskuldig dat hy opportunisties optree en dat hy besig is om van die plakkers geld in te samel? -- Ek dra nie kennis van so 'n voorval nie.

Dra u kennis van die feit dat Inkata 'n taamlike groot organisasie te Daveyton en die ander dele van die Oos-Rand het? -- Daar is gerugte dat dit wel so is. Ek kan dit nie bevestig nie.

Ken u of dra u kennis of weet u van enige moeilikheid tussen Inkata en enige ander van die drie organisasies waarvan ek melding gemaak het, dit wil sê ERAPO, mnr. Boya se party en mnr. Sinaba se party? -- Nee, ek dra nie daarvan kennis nie.

Van u eie persoonlike kennis, weet u of ERAPO of mnr. Sinaba enige regsadvies gekry het of die verhoging van die huurgeld geldig sou wees of nie? -- Ek dra nie kennis van die aangeleentheid nie.

Dra u kennis of enigeen van die organisasies wat genoem is van mening was dat die nuwe of die verhoogde huurgeld ongeldig sou wees? -- Nee, ek dra geen kennis nie.

Weet u of mense aangeraai is om nie die verhoogde huurgeld te betaal nie? -- Soos ek uitgewys het, ERAPO wat ek deur waarneming gesien het, het hulle mense verhoed om nie

... / hulle

hulle huishuur te betaal nie.

U het nie gehoor wat tussen ERAPO en die mense gesê is nie? Wat ek aan u wil stel is dit. Weet u of gedurende 1984 - ons praat nie van later nie - mense gesê was dat 'n verhoging van R13,00 nie geldig is nie? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Weet u uit u eie kennis wanneer vir die heel eerste keer die inwoners van Daveyton begin weier het om huurgeld te betaal? Of dit in 1984 was of 1985 of weet u nie? -- Ek sou sê 1984.

Hoe laat in 1984 sê u sou dit gebeur het? -- Dit is moeilik om te sê. Ek sou sê in die helfte van 1984.

Voor September? -- As my geheue my help dan sal ek sê dit was voor September.

Waarom sê u dat dit voor September was?-- Ek kan nie dit verbind nie, maar dit is maar net, as ek my geheue probeer uitvis, dat iets my herinner dat dit voor September was.

Wanneer sou die R13,00 verhoging in werking kom? -- Ek dra nie kennis van daardie spesifieke verhoging nie. Ek weet net die mense was gekant teen verhoogde huishuur gewees.

Weet u of dit voor of na September gewees het? -- Soos ek gesê het, ek verbeel my dit was voor September gewees.

Dra u enige kennis van 'n politieke party wat in Daveyton People's Party genoem was? -- Ek kan nie op daardie vraag antwoord nie.

Is u in staat om te erken of te ontken dat so 'n organisasie teen die verhoging van die huurgeld in die middel van 1984 was en op 'n soortgelyke manier soos die Sinaba party opgetree het teen die verhoging? -- Ek het nie kennis gedra van die organisasie nie.

Ken u mnr. James Ngube? -- Ek het al sy van gehoor, maar ek het hom nog nie persoonlik self ontmoet nie.

... / Is

Is u in staat om te erken of te ontken dat hy die leier van die Daveyton People's Party is? -- Ek kan nie op die vraag antwoord nie. Ek ken nie die persoon nie. Ek het net sy van gehoor.

Dra u enige kennis van die Daveyton Action Committee? -- Ek dra nie kennis van so 'n organisasie nie.

Weet u of mnr. James Ngube enige verband het met die organisasie? -- Ek kan nie op die vraag antwoord nie.

Het dit tot u kennis gekom dat op 9 Julie amper 'n duisend mense by sy vergadering was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : 9 Julie van 19?

MNR. BIZOS : 1984. Amper 'n duisend mense daar was om hulle protes aan te teken by 'n massavergadering teen die huurgeld-verhoging? -- Ek was nie daardie dag aangesê om daardie voorval te monitor nie. Ek dra nie kennis van die voorval nie.

Ek wil nie dieselfde doen in verband met die skole nie, maar ek wil dit aan u stel net soos u nie weet wat daar in Daveyton gebeur het nie in verband met die huurgeldverhoging, weet u ook nie hoe die sake gevorder het in verband met die skole nie. Wat sê u daaroor in die algemeen? -- Ek was aangesê om die skole te monitor, die onrus te monitor en ek het spesifieke opdragte gehad wat ek dan uitgevoer het.

Ja, maar u praat van die onrus te monitor. Wanneer sê u het die onluste in Daveyton begin? -- Dit was in Augustus 1984.

Op watter datum sê u het dit gebeur? -- Ek kan nie 'n spesifieke datum noem nie, want gedurende Augustus 1984 was ek in Daveyton gewees.

HOF : As u praat van onluste, wat se tipe onluste was daar gewees in Augustus 1984? -- Dit was sporadiese klipgooiery, roof van voertuie, soos broodwaens en afleweringsvoertuie wat

... / die

die jeugdiges aangeval het en geroof het. Hulle het ook die voertuie uitgebrand, van hulle.

Dit het nou alles al gebeur voordat daar in Vaal Driehoek probleme ontstaan het te Sebokeng? — In Augustus het die onluste uitgebreek in Daveyton Swartwoongebied. Ek is nou nie seker waarna u verwys nie.

MNR. BIZOS : Weet u wanneer die onluste of moeilikhede in die Vaal Driehoek begin het? — Ek sal eers my geheue moet verfris om 'n antwoord te kan gee spesifiek.

Maar u weet mos, want seer seker weet die meeste burgers van die land dat daar amper 'n ontploffing was in die Vaal Driehoek op 3 September. Was die onluste in Daveyton voor daardie gebeure of daarna? — Die onluste in Daveyton het begin gedurende Augustusmaand 1984.

Wanneer dit ook al mag begin het, dra u kennis of die polisie binne-in die skoolterrein gegaan het te Daveyton? — Nie waar ek teenwoordig was nie.

Weet u of enige skoliere doodgeskiet is deur die polisie in die skoolterrein? — Nie volgens my kennis nie.

Wanneer is die eerste politieke begrafnis in Daveyton gehou volgens ugeheue? — Soos in my hoofgetuienis aangedui was dit 8 Augustus gewees, as ek korrek is.

Ek het 'n nota gemaak dat u van 8 September gepraat het.

HOF : Dit is nou die vier onlusslagoffers? — Dit is korrek.

U hoofgetuienis was 8 September.

MNR. BIZOS : Wanneer was dit? September of Augustus? — As dit in my hoofgetuienis 8 September was, is dit 8 September. Ek het nie die datums voor my nie. Ek het dit nie afgeskryf nie om tred te hou met die spesifieke datum nie, maar ek is wel seker dat in Augustus het die onluste begin in Daveyton.

U sien u was gevra gedurende September 1984 tot 1985 of

... / daar

daar verskeie gebeure was. Is dit moontlik dat u heeltemal verkeerd is in verband met wanneer die onluste sou begin het in u hoofgetuienis te Daveyton? -- Nee, ek is oortuig daarvan dit was Augustus 1984 gewees wat die onluste begin het.

HOF : Hoe lank voor die begrafnis het die onluste begin? Die vier wat begrawe is, is in onluste dood. Dit is reg? -- Dit is korrek.

Hoe lank voor daardie onluste wat hulle in dood is - wanneer was die onluste waarin hulle dood is? In September neem ek aan? -- Dit is korrek.

Was daar dan onluste voordat hulle dood is? -- Dit is korrek in Augustusmaand. Die persone is gedood gedurende September tydens onluste en optredes.

MNR. BIZOS : By die begrafnis wat op 8 September plaasgevind het, dra u geen kennis wat die mense wat die bywoners aangespreek het gesê het nie? -- Nee.

Wat die tema van die toesprake was nie? -- Uit observasie kon ek nie die persone wat as sprekers opgetree het hoor wat hulle sê nie.

Weet u of daar enige beperkings by die begrafnis opgelê is deur die landdros? -- Nee. Ek dra geen kennis nie.

Dra u enige kennis of die jeugdiges wat besig was om in groepe van die begrafnis af weg te gaan, aangeval was deur die polisie? -- Wat wel gebeur het. Die groepe wat gevorm is, is uiteen gejaag deur die veiligheidsmagte.

Is dit omdat hulle groepies as onwettige vergaderings beskou was? -- Ek kan nie vir die persoon wat daardie optrede gelas het oordeel nie. Vir watter rede hy hulle uiteen gejaag het of waarvoor hy gevrees het, wat tot daardie stap gelei het nie.

Dra u kennis of die wegbly-aksie gedurende 5 en 6 November

... / 1984

1984 deur die verskillende vakbonde georganiseer is of nie? -- Algemene kennis het daarop gedui dat die wegbly-aksie deur die verskillende vakunies georganiseer en geïnisieer was.

Weet u of party van die vakbonde wat verantwoordelik was nie eers geaffilieer was aan UDF nie? -- Dit mag so wees. Die vakunies waaroor ek algemene kennis het, is dat daardie vakunies wat daaraan deelgeneem het wel geaffilieer is.

Dra u kennis van die feit dat ERAPO gedurende 1984 saam met die voorsitter van die dorpsraad van Evaton saamgewerk het in Daveyton. Did I say Evaton? Daveyton. -- Kan u net die vraag herhaal?

Dra u kennis van die feit dat ERAPO saam met die dorpsraad van Daveyton gewerk het gedurende 1984? -- Ek kan nie op die vraag antwoord nie.

Dra u enige kennis van enige klagtes wat die voorsitter, mnr. Tom Boya, self gehad het teenoor die stelsel van die dorpsraad? -- Ek kan nie op die vraag antwoord nie. Ek dra nie kennis nie.

Weet u of daar enige ouerorganisasie gestig is gedurende 1984 om te probeer die skoolomstandighede van die Oos-Rand te verbeter? -- Ek het dit wel by ander persone gehoor. Ekself het dit nie waargeneem nie.

U het 'n aantal name gegee van die persone wat u gesê het ampsdraers van ERAPO was. Waar het u die inligting gekry? -- Algemene kennis dat ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Wat bedoel u met algemene kennis? -- Net soos ek geassosieer word met die Suid-Afrikaanse Polisie, so was daardie mense algemeen onder die publiek bekend as ERAPO lede.

Is dit as gevolg van inligting wat aan u gegee is? -- Nee, soos ek verduidelik het, hulle was persone wat uitgestaan het wat algemeen onder die publiek bekend was as lede van ERAPO.

... / So

So, as ek u nie geken het nie en buite die hof iemand sou gesê het "Mnr. Fourie is 'n lid van die veiligheidspolisie"? -- Uit eie self kennis wat aan my bekend was, omdat daardie mense algemeen bekend gestaan het as ERAPO lede, is hulle so geïdentifiseer.

Wie was die president? -- Die vise-president was Solly Klaas gedurende daardie tyd.

Ons praat nie van die vise-president nie. Ek sou dink dat die president was 'n meer belangrike persoon. Wie was die president? -- Ek kan nie die vraag antwoord nie, maar wat aan my bekend was, was dat Solly Klaas die vise-president was en ek het hom so geken.

Was die algemene kennis nie so goed bekend dat u die president kon identifiseer nie? -- Slegs wie aan my bekend was, was Solly Klaas en dat hy die portefeulje as vise-president beklee het.

Was daar enige besondere rede waarom dit nie algemene kennis was wie die president was nie?

HOF : Miskien was die pos vakant? -- Dit kon ook so gewees het.

MNR. BIZOS : Vir hoe lank was dit vakant? Vir drie of vier jaar? Waarom is daar nie 'n president gekies nie? Was dit nie algemene kennis nie. -- Solly Klaas was aan my bekend en hy was die vise-president. Ek het nie belang gestel wie die president was nie. Hy was aan my bekend gewees en daarom kan ek ook dit van die persoon sê.

Maar ek sou gedink het dat die rede waarom u al die waarnemings gemaak het en waarom u daar in Daveyton gewerk het, was om te probeer uitvind hoe die mense daar voel en wat die moeilikheid is en waaroor hulle kla. Was dit deel van u werk daar? -- Dit was wel een van my werksopdragte gewees.

... / Weet

Weet u hoeveel dorpsgebiede in ERAPO verteenwoordig word? -- Ek dra net kennis van Daveyton omdat daardie Swartwoongebied onder my jurisdiksie val.

Dra u kennis van ERUCA? -- Nee.

Geen kennis? Het u nooit daarvan gehoor nie? -- Ek mag dalk daarvan gehoor het, maar ek het nie kennis daarvan geneem nie.

Weet u of daar enige organisasies van die burgemeesters van die Oos-Rand se dorpsgebiede bestaan of nie? -- Ja, ek het dit wel gehoor.

Bestaan dit of nie? -- Ek kan nie sê of dit bestaan nie. Ek het net gehoor daar is gerugte dat daar wel so 'n liggaam bestaan.

Wanneer is dit gestig, volgens die gerugte? Weet u? -- Ek het nie so navraag gedoen nie. Dit is iets wat in die verbygaan aan my gesê was.

Wie was gedurende 1984 die hoofkommissaris vir Daveyton of in beheer van die Oos-Rand? Weet u? -- Dit was kolonel Coetzee.

Dit was 'n dubbelsinnige vraag. Die kommissaris wat ... -- Die distrikskommandant?

Die Bantoekommissaris genoem was. Die hoof-Bantoekommissaris.

HOF : Nie 'n polisiebeampte nie. Vroeër was hulle genoem 'n Bantoekommissaris. Nou word dit net kommissaris genoem. Weet u wie hy is? -- Ek kan nie nou op sy naam kom nie.

MNR. BIZOS : Weet u of daar enige pogings in 1984 was om sekere van die probleme van Daveyton op te los met die kommissaris? -- Dit was wel aan my genoem. Ek het nie daarop ingegaan nie. Daar was wel gerugte daarvan.

Weet u van enige stappe wat geneem is om die moeilikheid

... / in

in die skole te probeer oplos gedurende dieselfde periode? — Daar was wel gerugte gewees dat daar wel aandag geskenk word aan die probleem.

Alles was gerugte behalwe dit wat u sê u waargeneem het? — Daar was ek by gewees. Ek het dit waargeneem. Daarom kan ek daaroor getuig.

En as ek aan u stel dat ERAPO en sy komitee alles probeer het om die vrede te herstel, sal u nie in staat wees om dit te erken of te ontken nie? — Wat ek waargeneem het, daaroor kan ek getuig.

Die toesprake wat gemaak is by massavergaderings en by die slagoffers van geweld se begrafnis, die tema gehad het dat mense moet die vrede herstel. U dra geen kennis daarvan nie? — Ek kan nie op die vraag antwoord nie.

Het u enige dokument of het u enige vergadering bygewoon van ERAPO, enige organisasie van ERAPO waar dit gesê was dat die skoliere die skole moet boikot? — Ek het nie so 'n vergadering bygewoon persoonlik nie.

U het geen dokument wat uitgereik was deur die organisasies wat die skoliere aanraai om nie skool toe te gaan, gesien nie? — Ek het hierso 'n dokument wat ingehandig was wat wel die skoliere aanmoedig of aanhits om nie skole by te woon nie.

Na watter dokument verwys u? — Hy was ingedien. "Let us unite."

<u>HOF</u> : Dit is <u>BEWYSSTUK ABA(65</u>).

<u>MNR. BIZOS</u> : Deur wie is dit uitgereik? — Die persoon wat verantwoordelik was vir die verspreiding was, het ek genoem.

Wie was hy? — Dit is Aubrey Nkumalo.

<u>HOF</u> : Was hy van 'n organisasie? — Hy was van COSAS en ook ERAPO.

<u>MNR. BIZOS</u> :Op watter manier was hy aan ERAPO verbonde? — Hy

... / was

was 'n afgevaardigde van die jeug om op ERAPO te dien.

Wanneer is daardie dokument uitgegee? -- Ek kan nie sê die dag presies nie, maar dit was gedurende Augustus gewees soos ook die vergadering afgekondig was.

Wie het die oorspronklike van hierdie dokument aan u gegee? -- Ek het so 'n oorspronklike dokument waar hulle versprei was opgetel.

Waar? -- Dit was op die skoolgronde.

Wie het aan u gesê dat Aubrey Nkumalo verantwoordelik was? -- Die persoon Aubrey Nkumalo en ander persone het die dokumente in hulle hande gehad wat hulle dan onder die skoliere versprei het. Toe hulle my voertuig opmerk het hulle uiteen gespat en die dokument het toe op die grond geval wat ek opgetel het en toe ingehandig het by my hoofkantoor.

Hoe ver was u van Nkumalo af toe dit gebeur het? -- As ek moet skat ongeveer 10 na 20 treë.

As COSAS enige pamflet uitreik sê dit dat dit van COSAS is, nie waar nie? -- Dit gebeur wel dat dit so is, maar in hierdie geval was daar geen titel of enige naam aan hom gekoppel nie.

Wie was die ander persone wat saam met hom was? -- Wat ek deur waarneming kon sien was daar Aubrey Mahlangu gewees.

Wie is hy? -- Star Motswege was ook daar gewees.

Wie is hulle? -- Hulle is COSAS lede.

Is hulle ooit deur u ondervra in verband met die dokument? -- Ek het hulle nie spesifiek ondervra na hierdie dokument nie.

U het dit net weggestuur? -- Ek het dit na my kantoor toe gevat en dan versend onder die omstandighede wat ek dan aan my offisiere gesê het hoe ek op die dokument afgekom het.

U het dit aan u hoofkantoor gestuur waar dit verlore geraak

... / het

het? — Ek weet nie wat van die dokument geword het nie. Ek het hom na my hoofkantoor versend. Ek kan nie vir hulle rekenskap gee nie.

Weet u wanneer die skole gesluit was in Daveyton? — Ek kan nie 'n spesifieke datum stel nie, maar as gevolg van die boikotaksies het hy eintlik nie gefunksioneer nie.

Weet u wanneer die hoërskole gesluit is en wanneer die primêre skole gesluit is? — Ek het nie daardie datums nie.

In watter maand? — Ek kan nie 'n spesifieke maand daar stel nie, maar as ek my geheue kan verfris sou ek sê gedurende November - Oktober/Novembermaand was die skole totaal gesluit gewees.

Wanneer was daar vir die heel eerste keer padversperrings in Daveyton? — By die eerste onluste is slagoffers wat begrawe is - die vorige nag was daar meer as tevore padversperrings opgerig.

Nee, die vraag was wanneer was padversperrings vir die heel eerste keer deur u gesien? — Gedurende Augustusmaand 1984 toe die onluste begin het.

Augustusmaand? Presies waar het u padversperrings in Daveyton gedurende Augustusmaand gesien? Waar? — Daar is verskeie strate wat 'n mens kan ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Gee vir ons 'n paar strate, asseblief. Waar presies en in watter deel daarvan is padversperrings opgerig in Augustusmaand? — In Mokhestraat.

Wat is die naaste kruispad? — Op die hoeke van Mokhe- en Turtanstrate.

Waar nog? — Dan ook as jy Daveyton inkom in Acelandweg. Hy is eers Hield, dan word hy Aceland.

Het u ook padversperrings daar gesien? — Dit is korrek.

Waar nog? — In Hamzastraat.

... / Watter

Watter deel daarvan? -- Ek weet nie watter hoeke hy kruis nie, maar ek kan die plek gaan uitwys.

Ja, dit sal nie nodig wees nie. As u net kan praat van 'n winkel wat naby is of 'n kruispad of enige ander landmerk sodat ons kan vasstel of daar wel padversperrings was in Augustus 1984 of nie. -- Gumbistraat.

HOF : Is dit 'n kruising met Hamzastraat? -- Dit is nie 'n direkte kruising nie, maar Gumbistraat kruis ook die spesifieke straat.

MNR. BIZOS : U self persoonlik het die padversperrings gesien? -- Dit is korrek.

Hoe weet u dat mnr. Vincent Francis aan die UDF verbonde was? -- Soos algemene kennis en ook dat hy onder die persone 'n erkende UDF figuur is.

Wat was sy posisie in die UDF? -- Ek is nie nou seker van sy hoedanigheid nie.

Wie het aan u gesê dat hy 'n leidende figuur in die UDF was? -- Algemene kennis.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG TOT 6 AUGUSTUS 1986.

- - - - - - - - - -

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-16-121**
*Document Title:-* **Vol 121 p 6033-6091. Witnesses: Du Plooy, Mkhalipe, Kruger, van Dyk,Fourie**